

4 ~ TYD, PLEK EN DOEL VAN SKRYWE VAN DIE KINDHEIDSEVANGELIE VAN TOMAS AS GESKRIF MET EBIONITIESE TENDENSE

4.1

Die openingsvers as sleutel tot identifisering van konteks

Die *KindEvTom* bevat geen eksplisiete verwysings wat gebruik kan word om die datum van skrywe aan te dui nie, geen betroubare identifikasie van die skrywer nie, en geen aanduiding rakende 'n presiese geografiese oorsprong nie. Die naamgewing van Jesus is ook verwarrend. Naas die enkele uitsonderings van die voorkoms van die benamings "Here" (κύριος) en Christus (ὁ χριστός), is die algemeen voorkomende "Christologiese titels" in die kanonieke evangelies (soos "Seun van God" en "Seun van die mens") in die *KindEvTom* afwesig. Volgens Chartrand-Burke (2001) is die bogenoemde enkele titels wat in die manuskripte van die *KindEvTom* aan Jesus toegeken is, heel moontlik sekondêre byvoegings.

Hierdie siening kan egter nie onderskryf word nie. In *KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) 1:1 word 'n uitgebreide benaming aangetref, te wete "ons Here Jesus Christus" (ὅσα ἐποιησεν ὁ κύριος ἡμῶν Ἰησοῦς ὁ Χριστὸς γεννηθεὶς ἐν τῇ χώρᾳ ἡμῶν Βηθλεὲμ κώμῃ Ναζαρέτ). Verder, in *KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) 9:3 spreek die kind Zeno vir Jesus aan as "Here" (οὐχί, κύριε). Dit is dieselfde benaming waarmee Maria vir God in *KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) 10:2 aanspreek: κύριε ὁ Θεός μου εὐλόγησον τὸ τέκνον μου. Dit is ook die Fariseërs en skrifgeleerde se verwysing na God wanneer hulle God se seën vir Maria afbid in *KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) 17:4: ηὐλόγησεν κύριος ὁ Θεὸς τὸν καρπὸν τῆς κοιλίας σου.

Die voorkoms van beide titels κύριος en ὁ χριστός in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) kan nie as onbenullige "byvoegings" gereken word nie. Die "identiteit", of ten minste "intimitet", wat daar tussen God en Jesus deur die dieselfde benaming "Here"

vir beide geteken word, behoort by die verklaring van die doel van die skrywe van die *KindEvTom* in berekening gehou word. Net so kan daar 'n saak voor uitgemaak word (ook *contra* Chartrand-Burke 2001) dat die “benaming” *Verlosser* in die *KindEvTom* funksioneel is. Afgesien van die voorkoms van die “titel” σωτῆρ in die toegevoegde *titulus* tot *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453), te wete Τὸς παιδικὰ μεγαλεῖα τοῦ δεσπότου ἡμῶν καὶ σωτῆρος Ἰησοῦ Χριστοῦ, kom die motief dat die teenwoordigheid van die “kindjie Jesus” *verlossing* impliseer, op twee strategiese plekke in die *KindEvTom*, *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) voor, naamlik in 6:4 en 7:4. Beide motiewe – te wete die identiteit tussen Jesus en God, en die verlossende teenwoordigheid van Jesus – hou verband met die verskynsel dat daar hoofsaaklik na Jesus verwys word as τὸ παιδίον Ἰησοῦς. Die “kindjie Jesus” is die protagonis in die *KindEvTom*. Die “identiteit” tussen Jesus en God en sy verlossende dade as “kind” help myns insiens om die konteks van die *KindEvTom* nader te bepaal (kyk hoofstuk 5 en 6 van hierdie studie).

Volgens Hock (1995:85) is die Griekse woord παιδικά (“boyhood deeds”) – wat in die hergekonstrueerde titel voorkom en met “kindheidsgeschiedenis” in hoofstuk 3 vertaal is (kyk ook onderhawige hoofstuk, nota 1) – die “principal word” wat “an important clue for determining the purpose of the gospel as a whole” voorsien. Omdat hierdie titel nie oorspronklik in die *KindEvTom*, *Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453] voorkom nie (kyk Gero 1971:46; Koester 1990:311; Voicu 1991:119; Elliott 1993:68; Hock 1995:85), behoort die uitdrukking τὸ παιδίον eerder as die “principal word” gesien te word.

Die *kind-wees* van Jesus (Ἰησοῦς), terwyl hy deur die “broers” (ἀδελφοί) wat woon te midde van die heidene (ἐξ ἑθνῶν) geëer word as *ons* “heerster” (ὁ κύριος) en “messias” (ὁ Χριστός), word in die openingsvers in *Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453] 1:1 as die sentrale saak in die boodskap van die *KindEvTom* aangedui. Die geaddresseerdes is soos die adressant “Israeliete” wat hulle te midde van heidense nasies bevind. Die openingswoorde van die *KindEvTom* bied dus eerder die “clue for determining the purpose of the gospel as a whole.”

In sy werk, “Literary dynamics: How the order of a text creates its meaning”, het M Perry (1979/1980:35-64, 311-364), aangetoon hoe die openingsverse van 'n narratief dikwels bepalend is vir die verdere ontwikkeling van die plot (vgl ook Powell 1992:195-199). Wat die Sinoptiese Evangelies betref, verwys Markus (1:1) na

sy “storie” as ὀρχὴ τοῦ εὐαγγελίου ’Ιησοῦ Χριστοῦ (dit wil sê as “evangelie”) en Lukas (1:1) as διήγησις (dit wil sê as “narratief”). Matteus (1:1) se gebruik van die woord βίβλος tipeer sy vertelling as “geskiedenis” (in “narratologie” sin in Frans as *histoire*). Indien die uitdrukking παιδικό deel van die outentieke Griekse teks van die *KindEvTom* was, kon “kind-dade” wel ’n soortgelyke rol in die Griekse weergawe in *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453) ingeneem het. Net soos die woorde in Matteus 1:21c, “En jy moet hom Jesus (Ἰησοῦν) noem, want dit is hy wat sy volk [= die mense van Israel] (τὸν λαὸν αὐτοῦ) van hulle sondes (ἀμαρτιῶν) sal verlos (σώσει)”, as ’n soort titel inhoud gee aan wat Matteus met βίβλος bedoel (kyk Van Aarde 2003:453-467),¹ bied die openingswoorde van die *KindEvTom* die “clue for determining the purpose of the gospel as a whole”: “Ek, Thomas die Israeliet, het geoordeel dat dit nodig is om *aan al die broers wat woon te midde van die heidene*, bekend te maak wat ons Here Jesus, die Christus gedoen het toe hy *in ons land in Betlehem, in die dorp Nasaret* gebore is. Die begin daarvan is soos volg” (Ἀναγκαῖον ἡγησάμην ἐγὼ Θωμᾶς Ἰσραηλίτης γνωρίσαι πᾶσιν τοῖς ἐξ ἑθνῶν ἀδελφοῖς ὅσα ἐποιησεν ὁ κύριος ἡμῶν Ἰησοῦς ὁ Χριστὸς γεννηθεὶς ἐν τῇ χώρᾳ ἡμῶν Βηθλεέμ κώμῃ Ναζαρέτ. ὃν ἡ ὀρχὴ ἔστιν αὕτη).

Die sleutel tot die konteks van die *KindEvTom* lê in die vertaling en interpretasie van die uitdrukkings ἐγὼ Θωμᾶς Ἰσραηλίτης γνωρίσαι πᾶσιν τοῖς ἐξ ἑθνῶν ἀδελφοῖς² en ἐν τῇ χώρᾳ ἡμῶν Βηθλεέμ κώμῃ Ναζαρέτ.³ Die funksie

1 Volgens Warren Carter (2001:76) vervul Matt 1:21c só ’n primêre rol. Hierdie openingsvers van die Matteusevangelie verleen dwarsdeur die hele werk vorm aan die leser/hoorders se verwagtings, vrae en begrip ten opsigte van Jesus as reddersfiguur (vgl Carter 2001:76). Die engel se aankondiging aan Josef, die goddelik-aangewese vader van die kind Jesus, in hierdie openingsvers is ’n soort “roepingsvisioen” en met die woorde van die verteller, βίβλος γενέσεως ’Ιησοῦ Χριστοῦ υἱοῦ Δαυὶδ υἱοῦ Αβραάμ (Matt 1:1), begin die geskiedenis (βίβλος) van die hoofkarakter Jesus.

2 Ronald Hock (1995:105) vertaal hierdie woorde as ‘I, Thomas the Israelite, am reporting to you , all my non-Jewish brothers and sisters’. Met ander woorde die uitdrukking πᾶσιν τοῖς ἐξ ἑθνῶν ἀδελφοῖς word vertolk as dat “Thomas, die Israeliet” aan mense skryf wat nie “Israeliete” (“all my non-Jewish brothers and sisters”) is nie. My vertaling hierbo lokaliseer die skrywer “as Israeliet” binne die konteks van diegene wat hy aanspreek ay “broers”. Ek sien hulle nie as “nie-Israeliete” (soos Hock se vertaling en interpretasie) nie, maar intendeel as “Israeliete” wat woon tussen “nie-Israeliete”. My vertaling en interpretasie van τοῖς ἐξ ἑθνῶν kom ooreen met die algemeen aanvaarde vertaling van ’n soortgelyke Griekse frase in Handelinge 10:35 (ἐν παντὶ ἔθνει), naamlik “te midde van elke nasie [=alle nasies]”. Die lokaal aanduidende funksie is die mees voorkomende gebruik van die voorsetsel ἐν. Blass / Debrunner ([1896] 1970:141, § 218) wys op voorbeeld in papiri vanuit die Ptolomeïese periode soos ἀνακεχώρηκεν ἐν Ἀλεξανδρείᾳ, πεμψαὶ ἐν Βαθυλῶνι, τῇ ἀνόδῳ τῇ ἐν τῷ Ἱερῷ. Die funksie van die voorsetsel ἐξ in die frase ἐξ ἑθνῶν kan of twee maniere verstaan word. Dit word óf in die plek van ἐν as lokaal aanduidend (“den dort befindlichen”) gebruik (kyk Blass / Debrunner 1970:272, §437), soos byvoorbeeld in Matteus 24:17 (μὴ καταβάτω ὅραι τὰ ἐκ τῆς οἰκίας αὐτοῦ), Kolossense 4:16 (τὴν ἐκ τῆς Λαοδικείας [ἐπιστολὴν] ἵνα καὶ ὑμεῖς ἀναγνωτε, óf as aanduiding van “behoort tot” (“bezeichnet ἐξ die Zugehörigkeit” – Blass / Debrunner 1970:272, §437), soos

van die voorsetsel ἐξ in die frase ἐξ ἐθνῶν kan verstaan word as *lokaal aanduidend* in die plek van ἐν (kyk Blass / Debrunner 1970:272, §437) en die gekombineerde “geboorteplek” van die kindjie Jesus het ’n soortgelyke funksie as wat Lukas in die Petrus-toespraak in Handelinge 10:39 oor die wonderdade van “Jesus van Nasaret” (Hand 10:38) “in die land van die Judeërs en in Jerusalem” (πάντων ων ἐποίησεν ἐν τῇ χώρᾳ τῶν Ιουδαίων καὶ ἐν Ἱερουσαλήμ) berig.

In die “openingsvers” van die *KindEvTom* word sowel die skrywer as sy lesers “Israeliete” en “broers” (ἀδελφοί) van mekaar genoem. Hulle bevind hulle in ’n konteks tussen nie-Israeliete. Dit kan enige plek in die tweede-eeuse Diaspora wees. Die vraag is of die naam “Tomas”, die “Israelitiese” konteks, die noue “verbintenis” tussen Jesus en God, en veral die optrede van die “kindjie Jesus” as “wonderdoener” en die reaksie van omstanders in die teks self verdere lig op die presisering van die tyd, plek en doel van skrywe van die *KindEvTom* kan werp. Wat ook al die antwoord

byvoorbeeld Romeine 4:12 (οἱ ἐκ τῆς περιτομῆς) en Filippense 4:22 (οἱ ἐκ τῆς Καίσαρος οἰκίας). Wat die uitdrukking πᾶσιν τοῖς ἐξ ἐθνῶν ἀδελφοῖς in *KindEvTom*, *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) betref, kies Hock (1995:105) vir die tweede moontlikheid.

3 Die verskillende weergawes in die Griekse manuskripte van die *KindEvTom* toon ’n gevoeligheid vir die verwysings in die “openingsverse” na “ons land”, “Betlehem” en “Nasaret” as die geïmpliseerde konteks van die *KindEvTom*. Vanuit ’n geografiese oogpunt, op grond van gegewens in die Matteus- en Lukasevangelies, maak die kombinasie van die voorsetsels in die frase γεννηθεὶς ἐν τῇ χώρᾳ ἡμῶν Βηθλεὲμ καὶ Ναζαρέτ (“toe hy in ons land in Betlehem, in die dorp Nasaret gebore is”) in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) nie sin nie. Jesus kon tog nie in sowel Betlehem as Nasaret gebore gewees het nie. Die weergawe in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 532) probeer meer neweskikkend ten opsigte van die voorsetsel ἐν te wees: γεννηθεὶς ἐν τῇ χώρᾳ ἡμῶν Βηθλεὲμ καὶ ἐν καὶ Ναζαρέτ. Ook hierdie weergawe maak moeilik “geografies” sin: “hy wat gebore is in ons land Betlehem en in die dorpie Nasaret”. Die weergawe in *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) probeer wel sin gee met ἐν τῇ χώρᾳ ἡμῶν Βηθλεὲμ ἐκ χώρας Ναζαρέτ (“in ons land Betlehem, [hy wat kom] vanuit [die] gebied Nasaret”). Die weergawe in *Kodeks Bologna* (Univ 270) het die *lectio difficilior* redaksioneel verwerk en die verwysing na “geboorte” (γεννηθεὶς) uitgelaat met die volgende rangskikking: ὅσα ἐποίησεν ὁ κύριος ἡμῶν Ἰησοῦς Χριστὸς ἀναστρεφόμενος σωματικῶς ἐν πόλει Ναζαρέτ (“wat ons Here Jesus Christus gedoen het toe hy liggaamlik in die stad Nasaret rondgegaan het”). Hock (1995:105) se vertaling volg Otera de Santos (1967) se Griekse (gerekonstrueerde) vertaling van die Slawiese vertaling (kyk Hock 1995:101): “what he did after his birth in my region”. Die “geografiese fout” in die *lectio difficilior* in die twee Tischendorf-weergawes (*Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453] en *Kodeks Sinaïtikus* [Gr 532]) hoef egter net so min te hinder as dié in Johannes 1:28 waar Βηθαβαρα in plaas van βηθανία voorkom. Hierdie “geografiese fout” word aangetref in vertalings soos sekere Siriese weergawes, die Sahidies-Koptiese, Armeense en Georgiaanse, sowel as in die sitate van kerkvaders soos Origenes, Eusebius, Epiphanius en Chrysostomos (kyk Aland et al [1966] 1994:315, nota 9). Die kombinasie van *Betlehem* (’n Matteaanse motief) en *Nasaret* (’n Lukaanse motief) in die Tischendorf-weergawes van die *KindEvTom* is soortgelyk aan die kombinasie van elemente in die Matteaanse weergawe van die Onse Vader-gebed (6:11-13) en dié in die Lukaanse weergawe (11:2-4). Sekere Griekse manuskripte (bv *Kodeks Sinaïtikus*) én vertalings (bv die Bohairies-Koptiese, Ethiopiese en Tatianus se *Diatessaron*) kombineer die woorde van Matteus 6:10 (γενηθήτω τὸ θέλημά σου met dié in Lukas 11:2 (ἐλθέτω ἡ βασιλεία σου) (kyk Aland et al 1994:247, nota 2).

op hierdie vraag is, die kringe waar die *KindEvTom* tot en met die vierde eeu nC bekend was,⁴ behoort ook in berekening gebring te word.

Dit geld, wat die tweede eeu nC betref, die kerkvader Irenaeus (*Adv Haer* 1.13.1)⁵ en die skrywer(s) van die *Epistula Apostolorum* (4);⁶ wat die derde eeu nC betref, is daar die getuienis in die *Handelinge van Tomas* (79)⁷ en in die vierde eeu dié van die *Evangelie van Bartholomeus* (2:11)⁸ asook die *Geskiedenis van Josef die*

⁴ Die getuienis vanaf die sesde eeu word die doeleindes van die identifisering van 'n moontlike konteks van die *KindEvTom* nie in berekening gebring nie (kyk weer hoofstuk 2).

⁵ Irenaeus (*Haer* 1.20.1); [Griekse teks en Engelse vertaling, in Chartrand-Burke 2001, "Scholarship"]:

Πρὸς δὲ τούτοις ἀμύθητον πλῆθος ἀποκρύφων καὶ νόθων γραφῶν, ἃς αὐτοὶ ἔπλασαν, παραφέρουσιν εἰς κατάπληξιν τῶν ἀνοήτων καὶ τὰ τῆς ἀληθείας μὴ ἐπισταμένων γραμματα. Προσπαραλαμβάνουσι δὲ εἰς τοῦτο κάκεινο τὸ ὁρδιούργημα, ως τοῦ Κυρίου παιδὸς ὄντος καὶ μανθάνοντος τὰ γράμματα, τοῦ διδασκάλου σύτῳ φήσαντος, καθὼς ἔθος ἐστιν· Εἰπὲ ἀλφα, ἀποκρίνασθαι τὸ ἀλφα. Πάλιν τε τὸ βῆτα τοῦ διδασκάλου κελεύοντος εἰπεῖν, ἀποκρίνασθαι τὸν Κύριον· Σύ μοι πρότερον εἰπὲ τί ἐστι τὸ ἀλφα, καὶ τότε σοι ἐρώ τί ἐστι τὸ βῆτα. Καὶ τοῦτο ἔξηγοῦνται, ως αὐτοῦ μόνου τὸ ἄγνωστον ἐπισταμένου, ὃ ἐφανέρωσεν ἐν τῷ τύπῳ τοῦ ἀλφα.

"Besides those passages, they adduce an untold multitude of apocryphal and spurious writings, which they have composed to bewilder foolish men and such as do not understand the letters of the Truth. For this purpose they adduce this falsification: When the Lord was a child and was learning the alphabet, his teacher said to him—as is customary—'Pronounce alpha.' He answered: 'Alpha.' Again the teacher ordered him to pronounce 'Beta.' Then the Lord answered: 'You tell me first what alpha is, and then I shall tell you what beta is.' This they explain in the sense that he alone understood the Unknowable, which he revealed in the figure of 'alpha' as in a type."

⁶ *Epistula Apostolorum* 4 (2e eeu) (Clavis Apocryphorum Novi Testamenti [CANT])[onder redaksie van M Geerard 1992] 22; 2d c [uit die Engelse vertaling van die Ethiopiese weergawe]:

"Dit is wat ons Here Jesus Christus, wat ontvang is van Josef en Maria, sy moeder, gedoen het toe hy die alfabet moes leer. En hy wat hom onderrig het, sê vir hom terwyl hy hom onderrig, 'Sê Alfa.' Hy het toe geantwoord en gesê, 'Sê eers vir my wat Beta is.' En dit het waarlik so gebeur."

⁷ *Handelinge van Tomas* 79 (CANT 245) [teks in Lipsius & Bonnet [[1891-1903]] 1959:99-291]):

πιστεύσατε ἐπὶ τῷ γεννηθέντι Χριστῷ ἵνα οἱ γεννηθέντες διὰ τῆς αὐτοῦ ζωῆς ζήσωσιν· ὃς καὶ ἀνετράφη διὰ νηπίου, ἵνα ἡ τελειότης διὰ τοῦ ἀνθρώπου αὐτοῦ φανῇ· ἐδίδαξεν τοὺς ἰδίους αὐτοῦ μαθητὰς· τῆς γὰρ ἀληθείας διδάσκαλος αὐτός ἐστιν καὶ τῶν σοφῶν ὁ σοφιστής.

"Glo in Christus, wat gebore is sodat die geborenes deur sy lewe mag leef, wat ook as kind groot geword het sodat die volle ryheid uit sy volwassenheid mag voortspruit. Hy het sy eie dissipels onderrig (Latynse teks: sy eie onderwyser [magistrum suum]), want hy is die leermeester van waarheid en die wysste onder die wyses."

⁸ *Evangelie van Bartholomeus* 2:11 (4e eeu) (CANT 63) [teks in Vassiliev, A 1893, Anecdota graeco-byzantina, 1, 1, 10–22]:

λέγει αὐτοῖς Μαριάμ· κατὰ τὴν ἐκτύπωσιν ὑμῶν ἔπλασεν ὁ Θεὸς τὰ στρουθία καὶ ἀπέστειλεν αὐτὰ εἰς τὰς τέσσαρες γωνίας τοῦ κόσμου.

Houtwerker (17)⁹ en die kerkvaders Johannes Chrysotomos (*Homilae in Joannem* 17) (circa 386-398 nC) van Antiogië¹⁰ en Epiphanius van Salamis (*Panarion* 51.20.2-3) (376 nC).¹¹

Onder hierdie vroeë getuienis blyk Epiphanius 'n uitsondering te wees. Hy toon nêrens dat hy gekant is teen die strekking van die verhale in die *KindEvTom* nie en veral nie met die idee dat Jesus as kind wonderwerke gedoen het nie. Daarom sal Epiphanius se getuienis ernstig geneem moet word. Maar voordat ons ingaan op die vraag of Epiphanius vir ons kan help om die *KindEvTom* se konteks te bepaal, gee ons eers aandag aan Irenaeus, omdat hierdie kerkvader een van die vroegste bestryders

“Maria het aan hulle [die apostels] gesê: ‘God het in ooreenkoms met julle gelykenis die mossies geskep en na die vier uithoek van die aarde gestuur.’”

9 *Geskiedenis van Josef die Houtwerker* 17 (CANT 60) [Vertaling gebaseer op J K Elliott (1993:114-117) se Engelse vertaling uit die Kopties vertaal]:

“O Heer, moet my nie om die rede kwaad toewens nie, want ek was onkundig oor die misterie van u geboorte. Ek onthou ook, my Heer, die dag toe die seun van die slangbyt gesterf het. En sy familie wou u aan Herodes uitlewer, want hulle het beweer u het hom doodgemaak, maar u het hom uit die dood gewek en hom weer aan hulle terugbesorg. Toe het ek na u toe gegaan en u hand geneem en gesê, ‘My seun, kyk na jouself.’ Maar u het my geantwoord, ‘Is jy nie my vader in die vlees nie? Ek sal jou onderrig aangaande wie ek is.’”

10 Chrysostomos, *Homilae in Joannem* 17 (in *Patrologia Graeca* [onder redaksie van J-P Migne] 59:410):

Ἐτεῦθεν ἡμῖν λοιπὸν δῆλον, ὅτι καὶ τὰ σημεῖα ἐκεῖνα, ἃ παιδικὰ εἶναί φασι τοῦ Χριστοῦ, ψευδῆ καὶ πλάσματά τινων ἐπεισαγόντων ἐστίν. Εἰ γὰρ ἐκ πρώτης ἀρξάμενος ἡλικίας ἐθαυματούργει, οὐκ ἄν οὔτε Ἰωάννης αὐτὸν ἡγνόησεν, οὐδὲ τὸ λοιπὸν πλήθος ἐδεήθη ἄν διδασκάλου τοῦ φανερώσαντος αὐτόν.

“Daarom, in kort, is dit vir ons duidelik dat die wonders wat sommige aan Christus se kindertyd toedig, vals is en slegs konkoksies van diegene wat dit onder ons aandag bring. Want as hy vroeg van kinsbeen af wonderwerke verrig het, sou nog Johannes hom herken het, nog sou die res van die skare iemand nodig gehad het om hom te openbaar”).

11 Epiphanius, *Panarion* 51.20.2-3 (in *Patrologia Graeca* [onder redaksie van J-P Migne] 41:923D-925A).

οὔτε γὰρ πρὸ τοῦ πειρασμοῦ ἐν γάμῳ φάσκει τὸν Χριστὸν ἡκέναι· οὐ γὰρ ὅλως τι τῶν θεοσημείων καὶ τοῦ κηρύγματος πρὸ τοῦ πειρασμοῦ ὁ Χριστὸς εἰργάσατο, εἰ μή τι ὃ ἄδεται περὶ αὐτοῦ ἐν παιδὶ πεποιηκέναι, ως ἐν παιγνίῳ, ως τινες φάσκουσι. καὶ ἔδει τῷ μὲν ὄντι καὶ παιδαρικὰ αὐτὸν ἔχειν, ἵνα μὴ πρόφασις γένηται ταῖς ἄλλαις αἵρεσεσι, ταῖς λεγούσαις, ὅτι ἀπὸ τοῦ Ἰορδάνου ἦλθε Χριστὸς εἰς αὐτὸν, ὅπερ ἐστὶν ἡ περιστερά.

“Want Johannes het nie gesê dat Christus na 'n bruilof gegaan het voor die versoeking nie, ook het Christus nie voor die versoeking enige goddelike tekens volbring of enigsins gepreek nie – behalwe miskien dít wat oor hom gesê word dat hy as kind gedoen het. Want ook hy is veronderstel om wonderwerke as kind te gedoen het, om die ander ketterye, wat aanvoer dat “die Christus”, met verwysing na die duif, na hom gekom het na [sy doop in] in die Jordaan) van 'n verskoning te ontnem.”

van die sogenoemde “gnostiese” Christendom was en omdat die konteks van die *KindEvTom* lank in die navorsingskiedenis as “gnosties” gereken is. Hierdie vermoede is veral toe te skryf aan die voorkoms van die naam “Tomas” in die openingsvers van die *KindEvTom*. Die volgende volgorde van bespreking word vervolgens dus gevolg:

- die “Gnostiese” vroeë Christendom;
- die “Ebionitiese” vroeë Christendom.

4.2

Die Tomas-tradisie en Gnostiese vroeë Christendom

Die Griekse manuskriptradisie bevat in al drie die weergawes die verwysing na die skrywer as “Tomas, die Israeliet”. In die toegevoegde *titulus* van die *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) word die *KindEvTom* beskryf as die “Logos, komende van die Israelitiese filosoof” ($\Lambda\circ\gamma\circ\sigma$ ’Ισραηλίτου φιλοσόφου) en in die *titulus* van *Kodeks Bologna* (Univ 2702) word dit beskryf as die “komposisie van die heilige apostel Tomas” ($\Sigma\gamma\gamma\rho\mu\mu\alpha$ τοῦ ἀγίου ἀποστόλου Θωμᾶ). *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) bevat nie ’n *titulus* nie en dié in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 532) verwys nie na die skrywer as sodanig nie. Hoewel die omskrywings in die *titulus* van die verskillende weergawes nie as outentiek gereken kan word nie, behoort die verwysing na die naam “Tomas” in die openingsvers van ten minste *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 532) nie geïgnoreer te word nie.

Die enigste vermelding van die *KindEvTom* deur ’n ander teks in die Tomas-tradisie is dié in die *Handelinge van Tomas* 79 waarna ons hierbo verwys het, sonder dat ons meer oor die persoon van “Tomas” te wete kom. Helmut Koester ([1980] 1982:208) sê dat net soos die Nag Hammadi-geskrif, *Die boek van Tomas* (ook genoem “Tomas die Stryder”) (NHC II, 7), “draws [the *Acts of Thomas*] the aretalogical tradition of the apostles’ miraculous deeds into the process of gnostic interpretation: individual miracle stories become descriptions of the encounter of the heavenly world and its messenger with the lower world of demons and transitoriness.”

Die verwysing na die “kindjie Jesus” in die *Handelinge van Tomas* 79 kan as toespeling op Jesus, die *Christus* in die *KindEvTom* (kyk weer die openingsvers in die weergawe in *Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453] 1:1)¹² verstaan word. In hierdie verwysing word daar aan die “grootmensagtige” wonderbaarlike optrede van die kindjie Jesus sonder twyfel “gnostiese” konnotasie verleen:¹³ “Glo in Christus, wat gebore is sodat die geborenes deur sy lewe mag leef, wat ook as kind groot geword het sodat die volle rypheid uit sy volwassenheid mag voortspruit. Hy het sy eie dissipels onderrig, want hy is die leermeester van waarheid en die wysste onder die wyses.”¹⁴

Alleen die opsigtelikheid van die naam “Tomas” in die *KindEvTom*, maar ook hierdie waarskynlike toespeling na die *KindEvTom* in die *Handelinge van Tomas* 79, laat die vraag onstaan of die belangrikste geskrif in die Tomas-tradisie, te wete die *Evangelie van Tomas* (NHC II, 2) (kyk Evans, Webb & Wiebe 1993:88-144) nie raakpunte met die *KindEvTom* het wat ons kan help om laasgenoemde se konteks nader te presiseer nie.

Die dikwels-aangehaalde parallelle sluit in die *EvangTom* 4 (“die man oud van dae sal nie skroom om ’n klein kind van sewe dae uit te vra oor die plek van die lewe nie”) met *KindEvTom*, *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) 7:3 (“Vriende, ek peins oor my skande, want ek is ’n ou man en is deur ’n kindjie oorwin”),¹⁵ *EvangTom* 9 (die gelykenis van die saaier) met *KindEvTom*, *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) 11 (“Toe Josef op ’n [ander] keer saad gesaai het, het ook die kindjie Jesus een maat saad gesaai. En sy vader het 100 groot maat ge-oes. En hy het dit vir die armes en die vaderlose

12 ὅσα ἐποιησεν ὁ κύριος ἡμῶν Ἰησοῦς ὁ Χριστὸς γεννηθεὶς ἐν τῇ χώρᾳ ἡμῶν Βηθλεὲμ κώμῃ Ναζαρέτ (*KindEvTom*, *Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453] 1:1).

13 πιστεύσατε ἐπὶ τῷ γεννηθέντι Χριστῷ ἵνα οἱ γεννηθέντες διὰ τῆς αὐτοῦ ζωῆς ζήσωσιν· ὅς καὶ ἀνετράφῃ διὰ νηπίου, ἵνα ἡ τελειότης διὰ τοῦ ἀνθρώπου αὐτοῦ φανῆ· ἐδίδαξεν τοὺς ἰδίους αὐτοῦ μαθητὰς· τῆς γὰρ ἀληθείας διδάσκαλος αὐτός ἐστιν καὶ τῶν σοφῶν ὁ σοφιστής (*Handelinge van Tomas* 79 [CANT 245; teks in Lipsius & Bonnet [[1891-1903]] 1959:99-291]).

¹⁴ Die sentrale element in die soteriologiese opvatting van “gnostici” is dat die lewe (dit wil sê verlossing) ’n proses is wat in hierdie lewe gebeur en nie eers by dood ’n werklikheid word nie. Die gedagte van so ’n “immanensie” kom in bogenoemde aahaling voor. Verdere “gnostiese” elemente is die beklemtoning van die bereiking van volmaaktheid in hierdie lewe asook die adoptiaanse Christologie deurdat Jesus eers ná geboorte Christus en objek van geloof is. Die redding kom deur middel van die “gnosis” afkomstig van Jesus as “wyse leermeester”.

¹⁵ Ἐνθυμοῦμαι, φίλοι, τὴν αἰσχύνην μου ὅτι γέρων ὑπάρχω καὶ ὑπὸ παιδίου νενίκημαι. καὶ ἔχω ἔκκεισαι καὶ ἀποθανεῖν ἦ φυγεῖν τῆς κώμης διὰ τὸ παιδίον τοῦτο (*KindEvTom*, *Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453] 7:31).

kinders gegee”¹⁶ en *EvangTom* 77 (“deurklief ‘n stuk hout, ek is daar”) met *KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) 16 (“Weer, toe ’n sekere jonkman hout in gelyke dele gesplits het, het hy sy voetsool oopgekloof en hy het as gevolg van bloedverlies gesterf. Toe ’n kommosie ontstaan het, het Jesus [soontoe] gehardloop en nadat hy sy pad deur die skare gebaan het, het hy die die verwonde voet vasgegryp en dit was dadelik genees. En hy het vir die jonkman gesê: “Gaan, kap jou hout”).¹⁷

’n Evaluasie van die moontlikheid dat die *KindEvTom* wel ’n “gnostiese” gees adem op grond van die bekendheid daarvan vir die skrywer(s) van die *Handelinge van Tomas* en bogenoemde toespelings in die *Evangelie van Tomas*, vra drie punte van bespreking. Eerstens, ’n besinning van die funksie van die naam “Tomas” in die *KindEvTom*. Tweedens, die vraag of die inhoud van die *KindEvTom* wel ’n “gnostiese” verlossingsleer bevat. En, derdens, die oorweging van ’n Siriese of Egiptiese konteks as moontlike ontstaansplek van die *KindEvTom*, omdat die *Evangelie van Tomas* moontlik in hierdie streke ontstaan het of ten minste aan dié omgewing bekend was.

Daar word wyd aanvaar dat die oorsprong van die Tomas-literatuur (*Evangelie van Tomas*, *Handelinge van Tomas*, en die *Boek van Tomas [die Stryder]*) in Sirië gesoek moet word (Fallon & Cameron 1988:4213-4230; Roukema 1998:159; Uro 2003:24). Die vraag is of die teenwoordigheid van die naam “Tomas” in die *KindEvTom* beteken dat ook die *KindEvTom* in Sirië ontstaan het? Eksegete wat voorheen die *KindEvTom* met Sirië gekoppel het, sluit Cowper ([1874] 1867:128), Cameron (1982:122) en Chartrand-Burke¹⁸ (1998:27-43) in.

Die parallelle in inhoud tussen die *KindEvTom* en die ander Tomas-verwante tekste is egter te onbenullig om materiaal in *KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) met die “gnostiese” orientasie in die Tomas-literatuur te verbind. Sedert die

16 Ἐν δὲ τῷ καιρῷ τοῦ σπόρου σπείροντος τοῦ Ἰωσὴφ ἐσπειρεν καὶ τὸ παιδίον Ἰησοῦς ἔνα κόρον σίτου. Καὶ ἐθέρισεν ὁ πατὴρ αὐτοῦ κόρους ρεγάλους. καὶ ἔχαρίσατο πτωχοῖς καὶ ὄρφανοῖς ... (*KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453] 11:1-2a).

17 Πάλιν σχίζοντος ξύλα ἐν ἵσω νεωτέρου τινός, καὶ ἐσχισεν τὴν βάσιν τοῦ ποδὸς αὐτοῦ καὶ ἔξαιμος γενόμενος ἀπέθησκεν. Θορύβου γεναμένου ἔδραμεν ὁ Ἰησοῦς καὶ βιασάμενος διῆλθεν διὰ τοῦ ὄχλου καὶ κρατήσας τὸν πόδα τὸν πεπληγότα καὶ εύθεως ἰάθη. καὶ εἶπεν τῷ νεανίσκῳ· Ὕπαγε, σχίζε τὰ ξύλα σου (*KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453] 16:1-2).

18 Chartrand-Burke (2001) het haar opinie verander omdat nuwe tekskritiese ondersoeke daarop duif dat die meerderheid van parallelle met tekste met moontlike Siriese oorsprong latere byvoegings is (kyk weer hoofstuk 2 van hierdie studie). Meyer (1904: 65) het die naam “Tomas” gebruik om die teks in Indië te plaas (vir argumente teen hierdie plasings, kyk Hock 1995:99).

ontdekking van die Nag Hammadi-biblioteek in Bo-Egipte in 1945 (kyk Robinson 1998:77-110) staan die *Evangelie van Tomas* op die voorgrond wat “gnostiese” literatuur betref (kyk Patterson 1998:33-75). Dit is egter ’n ope vraag of die *Evangelie van Tomas* wel as “gnosties” getipeer kan word (kyk Riley 1994:229). Quispel (1981, 1991)¹⁹oordeel dat dit eerder “enkratiese” (dit wil sê “asketiese”) tendense bevat, afkomstig uit “Joods-Christelike” en Hermetiese bronne.²⁰ Baarda (1988:200) meen wel dat “the present collection of sayings known as the *Gospel of Thomas* is a Gnostic florilegium”. Koester (1992:21) se standpunt is dat die tendense in die *Evangelie van Tomas* “radikaal-enkraties” van aard met ’n gnostiese oriëntasie is. Uro (2003) sien sowel die *Evangelie van Tomas* as die *Dialoog van die Verlosser* as “gnosticizing” (kyk Davies 2004:670-671).

Hierbenewens behoort die *KindEvTom* nie as deel van die Tomas-literatuur gesien te word nie. Die afwesigheid van Tomas se naam in die vroeëre weergawes van die *KindEvTom* (Siriese en Georgiaanse manuskripte, die manuskrip Tblisi, kodeks A 95; Oud-Latynse manuskripte via Irenaeus) dui aan dat ’n Tomas-outeurskap vir *KindEvTom*, *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453) sowel laat as onbekend in die Siriese milieu was.

Indien daar dan nie op grond van vermeende verbintenis tussen die *KindEvTom* en die *Evangelie van Tomas* ’n “gnostiese” konteks vir die *KindEvTom* afgelei kan word nie, is die vraag of Ireneaus se verwysing in *Haereses* (1.20.1) na die *KindEvTom* nie, soos dié in die *Handelinge van Tomas*, op ’n “gnostiese” oriëntasie vir die *KindEvTom* dui nie. Ireneaus sê eksplisiet dat dit “apokriewe en valse geskrifte” ($\alpha\pi\omega\rho\kappa\rho\phi\omega\nu \kappa\alpha\iota \nu\theta\omega\nu \gamma\rho\alpha\phi\hat{\omega}\nu$) is wat melding maak die “kind” Jesus (=“Here”) ($\omega\varsigma \tau\hat{o}\iota \kappa\rho\iota\omega \pi\alpha\iota\delta\hat{o}\varsigma \hat{o}\nu\tau\varsigma$) wat alleen die “onbekende” ($\omega\varsigma \alpha\hat{u}\tau\hat{o}\iota \mu\omega\nu \tau\hat{o} \alpha\gamma\eta\omega\sigma\tau\varsigma \hat{\epsilon}\pi\iota\sigma\alpha\mu\hat{\epsilon}\nu\varsigma$) ken.

Dieselde negatiewe kommentaar op die *KindEvTom* word by Johannes Chrysostomos in sy *Homilae in Joannem* (17) aangetref: “Daarom, in kort, is dit vir

19 Vergelyk ook Frend (1967:13-26); Higgins (1960:292-306); Grobel (1961-62:367-373); De Conick & Fossum (1991:125-150).

20 Die *Corpus Hermeticum* is ’n versameling van sewentien Griekse traktate met waarskynlik ’n derde-eeuse oorsprong, bymekargebring deur onbekende tiende-eeuse Bisantynse geleerde (kyk Marksches [2001] 2003:63-64). Tradisioneel is die inhoud van hierdie traktate as “gnosties” getypeer, maar dit verteenwoordig eerder die kenmerke van die soort Platonisme tydens die Romeinse periode, dit wil sê “Middelplatonisme” (Marksches [2001] 2003:64), wat waarskynlik ’n Egiptiese oorsprong het (Roukema 1998:134; vgl Pearson 1990:136-147; Zandee 1992:96-174).

ons duidelik dat die wonders wat sommige aan Christus se kindertyd toedig, vals is en slegs konkoksies van diegene wat dit onder ons aandag bring” (Ἐτεῦθεν ἡμῖν λοιπὸν δῆλον, ὅτι καὶ τὰ σημεῖα ἐκεῖνα, ἃ παιδικὰ εἶναι φασὶ τοῦ Χριστοῦ, ψευδῆ καὶ πλάσματά τινων ἐπεισαγόντων ἐστίν). Daarenteen bevat die verwysings in die *Evangelie van Bartholomeus* (2:11)²¹ en dié in die *Geskiedenis van Josef die Houtwerker* (17)²² nie kommentaar wat enigsins met “gnostiese” tendense in verband gebring kan word nie.

Irenaeus se negatiewe opmerkings kan egter nie met “gnostiek” as sodanig in verband gebring word nie. Buitendien is enige poging om ’n “definisie” te gee van wat “gnostiek” in die eerste twee eeue nC kon wees, uiters problematies. Die literatuur van kerkvaders help nie om ’n eenduidige beskrywing van “gnostiek” – tot selfs in die uitloop daarvan in die vierde-eeuse Manichaeïsme²³ as die “kulminasie” en “konklusie” van wat as “gnosis” bekend gestaan het (Markschies 2003:101-108) – te gee nie. Ons behoort raak te sien dat daar in die vroeë Christendom, vanuit die perspektief van die “Ortodoksie”,²⁴ drie fases onderskei kan word in die ontwikkeling van die verskynsel “gnostiek” (kyk Markschies 2003:67). In die eerste periode vind

21 λέγει αὐτοῖς Μαριάμ· κατὰ τὴν ἐκτύπωσιν ὑμῶν ἐπλασεν ὁ Θεὸς τὰ στρουθία καὶ ἀπέστειλεν αὐτὰ εἰς τὰς τέσσαρες γυνίας τοῦ κόσμου (*Evangelie van Bartholomeus* 2:11 [CANT 63], teks in Vassiliev, A 1893, *Anecdota graeco-byzantina*, 1, 1, 10–22): “Maria het aan hulle [die apostels] gesê: ‘God het in ooreenkoms met julle gelykenis die mossies geskep en na die vier uithoeke van die aarde gestuur.’”

22 “O Heer, moet my nie om die rede kwaad toewens nie, want ek was onkundig oor die misterie van u geboorte. Ek onthou ook, my Heer, die dag toe die seun van die slangbyt gesterf het. En sy familie wou u aan Herodes uitlewer, want hulle het beweer u het hom doodgemaak, maar u het hom uit die dood gewek en hom weer aan hulle terugbesorg. Toe het ek na u toe gegaan en u hand geneem en gesê, ‘My seun, kyk na jouself.’ Maar u het my geantwoord, ‘Is jy nie my vader in die vlees nie? Ek sal jou onderrig aangaande wie ek is’” (*Geskiedenis van Josef die Houtwerker* 17 [CANT 60], vertaling gebaseer op J K Elliott (1993:114-117) se Engelse vertaling uit die Kopties vertaal).

23 Roukema (1998:154) vat “de door Mani [gebore in 216 nC in Ctesifon aan die Tigris in Babilonië] ontworpen mythe” soos volg saam: “Allerlei elementen hieruit zijn te herleiden tot de persische godsdienst, maar ook de invloed van de apostel Paulus en van Marcion en de christelijke gnostiek zijn in Mani’s systeem terug te vinden. Mani’s aanhangers zijn te onderscheiden in ‘uitverkoren’ ofwel ‘volmaakten’, die ongehuwd en ascetisch leefden, en ‘hoorders’, die minder vergingen in hun naleving van de voorschriften en wel mochten huwen ... Volgens Mani wacht de zielen van de hoorders na het aardse leven doorgaans de reïncarnatie, terwijl de zielen van de volmaakten bij de dood deel krijgen aan de verlossing. Het uiteindelijke doel van de wereld is volgens Mani dat licht en duisternis weer geheel worden gescheiden en dat de duisternis het licht nooit meer zal kunnen aanvallen.”

24 In hoofstuk een van hierdie studie is daar na die “Ortodoksie” verwys as die verskynsel dat daar sedert die vierde eeu nC ’n Grieks-filosofiese en Romeins-juridiese beeld van Jesus ontwikkel het wat bekend geword het as klassieke ontologiese Christologie (“n Christologie “van bo”). Vanuit hierdie sisteem is ’n monoteïstiese dogma ontwikkel van God as drie maar een. In die derde eeu nC het Origenes (*Contra Celsus* V.59) onderskeid begin tref tussen “katolieke” (d w s “ortodokse”) en “gnostiese” Christene (kyk Roukema 1998:16-17).

ons kerkvaders wat sterk verskil met ander wat hulle “gnostici” genoem het (bv Hippolytus, *Refutatio Omnium Haeresium* V, 6, 3-4), terwyl sommige kerkvaders, soos byvoorbeeld Klemens van Aleksandrië (*Excerpta ex Theodoto* II, 5, 5 – kyk Sagnard [1948] 1970:52-212), ook na hulself en ander kerkleiers as “gnostici” verwys (kyk Markchies 2003:29-39; Roukema 1998:16-19). In die tweede fase tree sekere “gnostiese” denkers selfstandig na vore wat in hulle geskrifte uitsprake maak wat volgelinge aantrek en waarop hulle voortbou. Menander,²⁵ Saturninus en Basilides is hiervan voorbeeld (Markschies 2003:77-83). Net soos in fase een bestaan daar in fase twee geen eenduidigheid in denke wat kerkvaders of “gnostiese” denkers “gnosis” noem nie. Die derde fase is die periode van die sogenoemde “gnostiese sisteme” wat ooreenkomsmaar ook groot onderlinge verskille het sodat daar, wat die derde fase betref, ook nie ’n eenduidige definisie van “gnostiek” gegee kan word nie. Marcionisme, Valentinisme, Barbelo-gnostisisme en moontlik Sethianisme is voorbeeld van sulke sisteme (Markschies 2003:85-100).

Indien daar ’n soort karakteristieke “tipologie” van die veelkleurige “gnostiek” tydens die periode van die vroegste manusriptegeschiedenis van die *KindEvTom* (kyk weer hoofstuk 2 van hierdie studie) gegee kan word, is dat die begrip “gnosis” betrekking het op insig komende van God in (a) die “natuur” van God, (b) die oorspronge van ’n verskeidenheid “geestelike kragte”, (c) die oorspronge van die skepping, (d) die doel van bestaan op aarde, en (e) die wyse waarop “geestelike verlossing” verkry kan word (Roukema 1998:13). Hierdie “gnosis” se aanname is dat mens-wees in sigself ’n latente/versteekste goddelike/ewige/hemelse kern het waarvan die oorsprong by “God Almagtig” lê, dat dit die doel van die lewe op aarde is om van hierdie oorsprong bewus te word, en dat sekere wel op grond van “ware gnosis” met “God Almagtig” versoen word. Hierdie verlossing geskied prosesmatig in die natuur en nie eers wanneer die aardse lewe by dood agtergelaat word nie (kyk voorbeeld in die *Evangelie van Maria* en *Evangelie van Filippus*, soos bespreek deur Karen King 2003:37-81).

25 Menander sien homself as die dissipel van Simon Magus, waarvan ons in die *Handelinge van die Apostels* 8:9-24 lees, en wat deur Irenaeus (nagevolg deur Tertullianus, Hypolytus en Epiphanius) bestempel word as dié wat die “gnostiek” begin het (kyk Roukema 1998:27).

Dit is moontlik dat die verwysing na die *KindEvTom* in die *Handelinge van Tomas* 79²⁶ op 'n "gnostiese" oriëntasie ten opsigte van die *KindEvTom* dui. Daar kan egter gladnie vasgestel word op watter weergawe van die *KindEvTom* hierdie uitspraak in die *Handelinge van Tomas* gebaseer is nie. In sowel sekere van die Griekse manuskripte as vroeë vertalings van die *KindEvTom* is daar inderdaad "gnostiese" tendense in die sin van bogenoemde bespreking aanwesig. Daar kan egter ook aangetoon word dat die outentieke Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) hierdie tendense uitgeweert het en dat dié outentieke weergawe van die *KindEvTom* eerder Ebionitiese tendense verteenwoordig. Die volgende voorbeeld kan aangedui word:

4.2.1

KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus (Gr 453) 6:4

In *KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) 6:4 lees ons byvoorbeeld:²⁷ "En die kindjie Jesus het die leermeester direk in die gesig gekyk en hierdie woord gesê: 'Synde 'n leermeester het jy slim uitgedraai, maar die naam waarmee hy [jou] benoem, maak van jou 'n vreemdeling. Immers, ek is van buite jou maar is binne-in jou op grond van hierdie edele liggaam wat ek besit. En jy wat 'n kenner van die wet is, jy ken nie die wet nie.' En vir Josef sê hy: 'Toe u gebore is, was ek en het langs u vir u bestaan, sodat, vader, u van my onderrig sal ontvang wat niemand ander ken of sal kan leer nie. En u sal die naam 'verlossing' dra.'"

Chartrand-Burke (2001, "Text and Translation", nota 55) verwys na die uitspraak ("Synde 'n leermeester het jy slim uitgedraai"), wat nie in die ander Griekse

26 πιστεύσατε ἐπὶ τῷ γεννηθέντι Χριστῷ ἵνα οἱ γεννηθέντες διὰ τῆς αὐτοῦ ζωῆς ζήσωσιν· ὃς καὶ ἀνετράφῃ διὰ νηπίου, ἵνα ἡ τελειότης διὰ τού ἀνθρώπου αὐτοῦ φανῇ. ἐδίδαξεν τοὺς ἰδίους αὐτοῦ μαθητὰς· τῆς γὰρ ἀληθείας διδάσκαλος αὐτὸς ἐστιν καὶ τῶν σοφῶν ὁ σοφιστής (*Handelinge van Tomas* 79 [CANT 245], teks in Lipsius & Bonnet [1891-1903] 1959:99-291): "Glo in Christus, wat gebore is sodat die geborenes deur sy lewe mag leef, wat ook as kind groot geword het sodat die volle ryheid uit sy volwassenheid mag voortspruit. Hy het sy eie dissipels onderrig (Latynse teks: sy eie onderwyser [*magistrum suum*]), want hy is die leermeester van waarheid en die wysste onder die wyses."

27 Τὸ δὲ παιδίον Ἰησοῦς ἐμβλέψας αὐτοῖς εἰπεν τῷ καθηγητῇ τοῦτον τὸν λόγον· καθηγητὴς ὃν εὐφυῶς ἔξῆλθες καὶ τὸ ὄνομα οὐ ὄνομάζει ἀλλότριος τυγχανεῖς. ἔξωθεν γαρ εἰμι νόμων. ἐνδοθεν δὲ ύμῖν διαύτὴν σαρκικὴν εὐγενίαν ὑπάρχων. σὺ δὲ νομικὸς ὃν, τὸν νόμον οὐκ οἶδες. πρὸς δὲ τὸν Ἰωσὴφ λέγει· ὅτε ἐγεννήσω ὃν ἐγώ σοι παρειστήκειν ἵνα, πάτερ, παιδευθῆς παιδείαν παρ' ἐμοῦ ἦν ἄλλος οὐκ οἶδεν οὐδὲ διδάξαι δύναται. καὶ τὸ σωτηρίον ὄνομα βαστάσεις (*KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453] 6:4).

manuskripte of die vertalings voorkom nie, as a “problematic sentence”. In beide *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) as *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 532) staan daar: “waarlik, leermeester, alles wat my vader vir jou gesê het, is waar” (ἀληθῶς καθηγητά, πάντα ὅσα εἴρηκέν σοι ὁ πατέρ μου ἀληθά εἰσιν). In die vroeër weergawes in die vertalings is dit Josef wat vir die benaming verantwoordelik is. In die Siriese en Georgiaanse weergawes word die sin anders afgesluit met: “ek is ‘n vreemdeling vir hulle”. Die Griekse manuskripte het ook ’n verskillende lesing: “ek is here van daardie mense” (καὶ τούτων μὲν ἐγώ εἰμι κύριος; *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 532 m, *Kodeks Sinaïtikus* [Gr 532] 6:4), terwyl *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) nog byvoeg: “maar julle is vreemdelinge, maar vir my is hierdie gesag gegee” (ὑμεῖς δὲ ἀλλότριοί ἔστε, ὅτι ἐμοὶ μόνον ἡ ἐξουσία ἐδόθη αὐτῇ). Die tendens om die Joodse leermeester in slegte lig te stel teenoor die positiewe lig waarin Jesus se pa geteken word, is myns insiens duidelik aanwesig in die weergawe hierbo in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453). Wat die uitspraak, “Immers, ek is van buite jou maar is binne-in jou op grond van hierdie edele liggaam wat ek besit”, is die variasie in die Griekse manuskripte weer eens opvallend: “ek is van voor die tyd, maar nou is ek teenswoordig en is in julle midde gebore ek is met julle, maar julle weet nie wie ek is nie. Daarteenoor weet ek van waar julle is en hoeveel jare van die lewe julle oor het” (ἐγὼ πρώτου αἰῶνός είμι καὶ νῦν πάρειμι καὶ ἐν οὐρανῷ θητήν καὶ μεθ' οὐρανοῦ ἐγώ. καὶ οὐκ οἶδατε τίς είμι. ἐγὼ δὲ οἶδα τὸ πόθεν ἔστε καὶ πόθεν ἦτε καὶ πόσα ἔστιν ἔτη τῆς ζωῆς οὐρανοῦ). Die Siriese vertaling lees: “eer wat die liggaam betref, het ek nie.”

Volgens my interpretasie word die “gnostiese” tendense in die weergawe hierbo in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) met Ebionitiese idees vervang. In vergelyking met die ander Griekse manskripte is dit alleen die weergawe in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) wat die belangrike verandering van adres vanaf die Joodse leermeester na Josef bevat – ’n verandering wat wel duidelik in die Siriese vertaling geïmpliseer word. Die weergawe in die Griekse manuskripte mis die belangrike opmerking dat Jesus sedert sy geboorte (nie pre-eksistent in terme van ἐγὼ πρώτου αἰῶνός είμι, soos in *Kodeks Atheniensis* [Gr 355] en *Kodeks Sinaïtikus* [Gr 532] nie) ter wille van sy Vader daar was. Ook die Ethiopiese vertaling (“ek het nie ’n familie van liggaamlikheid soos jy nie”) en die Latynse weergawe in die *Evangelie van Pseudo-Matteus* (“ek het geen liggaamlike ouer nie”) bevat eerder “gnostiese” as Ebionitiese

gedagtes. Die “Ebionitiese Christendom” is bekend daarvoor om hulle as ingebed in die Israelitiese etnisiteit²⁸ te sien.

Die belangrike “Ebionitiese” gedagte in die uitspraak, “En vir Josef sê hy: ‘Toe u gebore is, was ek en het langs u vir u bestaan, sodat, Vader, u van my onderrig sal ontvang wat niemand anders ken of sal kan leer nie. En u sal die naam verlossing dra’”, word alleen in die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) aangetref. Die weergawes in die Siriese en Ethiopiese vertalings, wat sterk varieer, bevat beide verwysings na Jesus se dra van sy kruis, ’n onderwaardeerde element in Ebionitiese soteriologie. Dieselfde tipe verwysing na “kruis-soterologie” word in die ander Griekse manuskripte aangetref: “en wanneer jy my kruis sien waarvan my Vader vir jou vertel het, dan sal jy glo dat alles wat ek ek gesê het, waar is” (καὶ ὅταν ἴδης τὸν σταυρόν μου ὃν εἶπεν σοι ὁ πατήρ μου, τότε πιστεύσεις ὅτι πάντα ὅσα εἶπόν σοι ἀληθινά εἰσι (Kodeks Atheniensis [Gr 355]).

4.2.2

KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus (Gr 453) 6:6

’n Ander voorbeeld waar ’n Ebionitiese en nie ’n “gnostiese” tendens in die *KindEvTom* aanwesig is, is *KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) 6:6:²⁹ “En die kindjie antwoord hulle en sê: ‘Waارoor is julle verbaas? Julle is eerder hieroor ongelowig, oor dat wat ek vir julle gesê het, die waarheid is. Toe julle gebore is – en ons vaders en die vaders van julle vaders – het ek en hy wat voor die kosmos geskape is, noukeurig [reeds] geweet.’”

²⁸ Hierdie “etniese identiteit” het hulle ontentisiteit bepaal. Vanuit die perspektief van die kultuur-antropologie sien Dennis Duling (2003:222-241) “etniese identiteit” as bestaande uit die volgende kulturele kenmerke: (1) ’n korporatiewe naam wat mense as groep idealiseer, (2) gemeenskaplike voorvadermites op grond daarvan dat die groep hulle sien as die nageslag van ’n bepaalde persoon of familie, (3) gedeelde “historiese herinneringe” na aanleiding van die verbintenis aan helde en heldedade van die verlede, (4) ’n gemeenskaplike grondgebied wat die groep as land van hulle voorvaders reken, (5) ’n bepaalde taal of dialek, (6) familie of familieverwantskap (*kinship*) tot wie die groep ’n sentiment van solidariteit het, (7) gemeenskaplike kulturele gebruikte en (8) gedeelde kultus.

²⁹ Ἀπεκρίθη αὐτοῖς τὸ παιδίον καὶ εἶπεν· τί θαυμάζετε; μᾶλλον δὲ τί ἀπιστεῖτε ἐφ' οἷς εἶπον ὑμῖν ἀληθῶς ἐστιν· ὅτε ἐγεννήθητε ὑμεῖς καὶ οἱ πατέρες ὑμῶν καὶ οἱ πατέρες τῶν πατέρων ὑμῶν, οἵδια ἀκριβῶς καὶ ὁ πρῶτον κόσμον κτισθείς (*KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) 6:6).

Die *onkunde* van die “leermeester en Fariseer” wat eksplisiet teenoor die *kennis* van Jesus (en die Een wat was vóórdat die kosmos geskape is, dit wil sê die “hoogste God wat enige skeppingshandeling van ’n laer God – ’n idee wat by “gnostiese” skrywers voorkom) gestel word, is afwesig in die vroeë vertalings. Hierdie weergawes beklemtoon nie die teenstelling in kennis/onkunde nie, maar meld slegs dié van Jesus wat weet wanneer sy opponente gebore is. Die weergawe in die Griekse manuskripte is ook opvallend deurdat dit Jesus se uitspraak as ’n “paradoks” beskryf: οἶδα ὅτε ἐγεννήθητε ὑμεῖς καὶ οἱ πατέρες ὑμῶν καὶ οἱ πατέρες τῶν πατέρων· ἔτι καὶ τὸ παράδοξον λέγω ὑμῖν ὅτι οἶδα ὅτε ὁ κόσμος ἐκτίσθη καὶ ὁ πέμψας πρὸς ὑμᾶς οἶδε (*Kodeks Atheniensis* [Gr 355]): “ek weet wanneer julle en julle vaders en die vaders van julle vaders gebore is; en ek meld selfs dié paradoks aan julle: ek weet wanneer die kosmos geskep is ek ken die Een wat [my] na julle gestuur het.” In hierdie weergawe is daar ‘n (“gnostiese”?) *paradoksale* verheffing van Jesus bō die biologies-geskape, Israelse (voor)familie – ’n tendens wat ook in die Johannesevangelie (8:31-59) voorkom: εἰπον οὖν οἱ Ιουδαῖοι πρὸς αὐτόν, Πεντήκοντα ἔτη οὕπω ἔχεις καὶ Ἀβραὰμ ἐώρακας; εἰπεν αὐτοῖς Ἰησοῦς, Ἀμὴν λέγω ὑμῖν, πρὶν Ἀβραὰμ γενέσθαι ἐγὼ εἰμί (Joh 8:52).

In die *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) se weergawe word nie net ’n “gnostiese” gedagte uitgeweer nie, maar word Jesus sterk “tuisgemaak” in die konteks van ’n uitgebreide biologiese familie wat sy voorvaders – nie dié van sy opponente nie – insluit. Ook hierdie tendens is sterk Ebionities.

Die uitspraak, “het ek en hy wat voor die kosmos geskape is, noukeurig [reeds] geweet”, herinner aan woorde in die *Evangelie van die Waarheid* (NHC I, 3 en XII, 2), een van die Nag Hammadi-geskrifte. In die *Evangelie van die Waarheid* word ’n onderskeid getref tussen “skepping” en “kosmos” (kyk Evans, Webb & Wiebe 1993:19-41). Laasgenoemde is die onvolmaakte refleksie van die goddelike pleroma, terwyl eersgenoemde die die refleksie van die volmaakte pleroma is. Hierdie “gnostiese” geskrif verkondig vreugde vir hulle wat ontvang word van die “vader van waarheid” wat vanuit die goddelike pleroma emaneer. Diegene wat die “vader van waarheid” nie ken nie, bevind hulle in absolute vergetelheid.

Die dosetiese wyse waarop Jesus egter in die *Evangelie van Waarheid* geteken word, is heeltemal afwesig in die *KindEvTom* (kyk Roukema 1998:162). Daarby vind ons in die Evangelie van die Waarheid die “nie-gnostiese” verlossingsboodskap dat Jesus se dood aan die kruis vir baie mense lewe beteken. Roukema (1998:162) se

opmerking is dus ter sake” “De meeste overwegingen van deze toespraak zullen in een katholieke gemeente wat ongewoon hebben geklonken, maar zouden wellicht toch zijn geaccepteerd.” Die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453) behoort dus nie op grond van hierdie uitspraak in *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453) 6:6 as “gnosties” getipeer te word nie.

4.2.3

KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus (Gr 453) 6:8

Irenaeus se verwysing na die *KindEvTom*, wat skynbaar hierdie geskrif in ’n “gnostiese” kader intrek, lyk of dit korreleer met die uitspraak in *KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453) 6:8:³⁰

Toe dit lyk asof hulle deur die kindjie se verduideliking getroos is, het die leermeester vir sy pa gesê: “Kom, bring hom in na my skool toe en ek [die] alfabet leer.” En Josef wat [hom] by sy hand gevat het, het hom na die skool weggelei. En die leermeester, wat hom mooi behandel het, het hom in die plek van onderrig ingeneem. En Saggeus het vir hom die alfabet neergeskryf en begin om vir hom die [letters se betekenisse] oop te maak. En hy vir hom ’n letter oor en oor herhaal. Maar die kindjie het hom nie geantwoord nie. Die geïrriteerde leermeester het hom oor die kop geslaan. En die kindjie het kwaad geword en vir hom gesê: “Ek wil eerder [jou] onderrig gee as om van jou onderrig te ontvang.

³⁰ Ως οὖν ἔδοξαν παρηγορεῖσθαι ἐπὶ τῇ παρακλήσει τοῦ παιδίου, ὁ καθηγητὴς εἶπεν τῷ πατρὶ αὐτοῦ· δεῦρο, ἄγαγε αὐτὸς εἰς τὸ παιδευτήριον κάγὼ διδάξω αὐτὸς γράμματα. ὁ δὲ Ἰωσὴφ ἐπιλαβόμενος τῆς χειρὸς αὐτοῦ ἀπῆγαγεν αὐτὸν εἰς τὸ παιδευτήριον. καὶ ὁ διδασκαλος κολακευσας αὐτὸν ἡγαγεν αὐτὸν εἰς τὸ διδασκαλεῖον. καὶ ἔγραψεν αὐτῷ ὁ Ζαχαρίος τὸν ἀλφάβητον καὶ ἤρξατο ἐπιστοιχίζειν αὐτῷ. καὶ λέγει τῷ αὐτῷ γράμμα πλεονάκις. τὸ δὲ παιδίον οὐκ ἀπεκρίνατο αὐτῷ. πικρανθεὶς δὲ ὁ καθηγητὴς ἔκρουσεν αὐτὸς εἰς τὴν κεφαλήν. τὸ δὲ παιδίον ἡγανάκτησεν καὶ εἶπεν αὐτῷ· ἐγώ σε θέλω παιδεύσαι μᾶλλον ἢ παιδευθῆναι παρά σου. ἐπειδὴ οἶδα τὰ γράμματα ἃ συ διδασκεῖς ἀκριβῶς πολλοὺς κρειττωτέρους σου. καὶ ταῦτα ἐμοὶ εἰσιν ὥσπερ χαλκὸς ἡχῶν ἢ κύμβαλος ἀλαλάζον· ἅτινα οὐ παρίστησι τὴν φωνὴν ἢ τὴν δόξαν οὔτε τὴν δύναμιν τῆς συνέσεως (*KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus* [Gr 453] 6:8).

Want ek ken die letters wat jy [vir my] leer, baie meer noukeurig as jy. En vir my is hierdie dinge soos 'n slanende klok of weergalmende simbaal wat nie óf 'n geluid óf verheerliking óf die vermoë van insig verteenwoordig nie.”

Die Ethiopiese vertaling sien nie die positiewe daad van Josef in *KindEvTom*, *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) 6:8 as 'n spontane handeling nie, maar skryf dit toe aan die oorredingswerk van die leermeester (kyk Chartrand-Burke, “Text and Translation”, nota 73). So 'n interpretasie sal inderdaad vreemd wees aan Ebionisme. Dit is egter opvallend dat die positiewe uitspraak oor Josef gladnie in die weergawes van die vroeë vertalings voorkom nie – 'n aangeleentheid, aan die ander kant, wat die (Ebionitese) positiewe gesindheid teenoor Jesus se familie in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) verder belemtoon.

Wat in hierdie verband van beslissende betekenis is, is dat Irenaeus se verwysing nie op die outentieke weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) gebaseer is nie. Dit berus op 'n Griekse manuskrip wat wel “gnostiese” tendense bevat, maar deur dié in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) geweer is. Die Siriese vertaling bevat die opdrag: “Sê, alfa.” In die *Evangelie van Pseudo-Matteus* staan daar: “Sê, alef.” Chartrand-Burke (2001, “Text and Translation”, nota 76) wys tereg daarop dat hierdie variante lesings eerder met die weergawe in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) 14 ooreenkoms. Daarteenoor verwys die woorde in die aanhaling van Irenaeus (*Haer* 1.20.1)³¹ ongetwyfeld na die Griekse weergawe in *Kodeks Atheniensis* (Gr 355)³² en nie na die weergawe in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) nie.³³ Daarby kan in ag

31 Πρὸς δὲ τούτοις ἀμύθητον πλῆθος ἀποκρύφων καὶ νόθων γραφῶν, ἃς αὐτοὶ ἐπλασαν, παραφέρουσιν εἰς κατάπληξιν τῶν ὀνοήτων καὶ τὰ τῆς ἀληθείας μὴ ἐπισταμένων γράμματα. Προσπαραλαμβάνουσι δὲ εἰς τοῦτο κάκεινο τὸ ῥᾶδιούργημα, ως τού Κυρίου παιδὸς ὄντος καὶ μανθάνοντος τὰ γράμματα, τοῦ διδασκάλου σύτῷ φησαντος, καθὼς ἔθος ἐστίν· Εἰπὲ ἀλφα, ἀποκρίνασθαι τὸ ἄλφα. Πάλιν τε τὸ βῆτα τοῦ διδασκάλου κελεύοντος εἰπεῖν, ἀποκρίνασθαι τὸν Κύριον· Σύ μοι πρότερον εἰπε τί ἐστι τὸ ἄλφα, καὶ τότε σοι ἐρῶ τί ἐστι τὸ βῆτα. Καὶ τοῦτο ἔξηγοῦνται, ως αὐτοῦ μόνου τὸ ἄγνωστον ἐπισταμένου, ὃ ἐφανέρωσεν ἐν τῷ τύπῳ τοῦ ἄλφα (Griekse teks en Engelse vertaling, in Chartrand-Burke 2001, “Scholarship”): “Besides those passages, they adduce an untold multitude of apocryphal and spurious writings, which they have composed to bewilder foolish men and such as do not understand the letters of the Truth. For this purpose they adduce this falsification: When the Lord was a child and was learning the alphabet, his teacher said to him—as is customary—‘Pronounce alpha.’ He answered: ‘Alpha.’ Again the teacher ordered him to pronounce ‘Beta.’ Then the Lord answered: ‘You tell me first what alpha is, and then I shall tell you what beta is.’ This they explain in the sense that he alone understood the Unknowable, which he revealed in the figure of ‘alpha’ as in a type.”

32 Kyk ook die tweede-eeuse *Epistula Apostolorum* 4 (Latynse teks in M Geerard [red] [1992], Clavis Apocryphorum [CANT] 22).

geneem word dat, wat die opmerking betref in *KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) 6:8, rakende die “slanende klok of weergalmende simbaal wat nie óf ’n geluid óf verheerliking óf die vermoë van insig verteenwoordig nie”, daar in die vroeë vertalings redes verskaf waarom hierdie “musiekinstrumente” sulke negatiewe kwaliteite het. Hierdie uitbreidings verhoog die element van (“gnostiese”) esotoriese kennis wat nie in die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) voorkom nie.

4.2.4

KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus (Gr 453) 7:2-4

Vir die doeleindes van my tese is dit belangrik om op die variasies ten opsigte van die opmerking in *KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) 7:2-4³⁴ in die manuskripte en

33 Wat die uitspraak in *KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) 6:8, “Want ek ken die letters wat jy [vir my] leer, baie meer noukeurig as jy”, betref, kom daar ’n addisionele spreek (wat met die Siriese teks ooreenkoms het) in ’n Ierse gedig (National Library of Ireland, MS G 50) – ’n verwerking van die oud-Latynse teks van die *KindEvTom* – voor: “any anvil that is struck teaches him who strikes it; it is not it that is taught” (teks in Chartrand-Burke 2001, “Text and Translation”, nota 78). Hierdie variasie werp klaarblyklik nie lig op my tese dat daar aan die Ebionitiese vroeë Christendom voorkeur bo die “gnostiese” vroeë Christendom as konteks van die Griekse weergawe van die *KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) gegee behoort te word nie.

34 Τὸ παιδίον τοῦτο ἀρον ἀπ' ἐμοῦ, ἀδελφέ, οὐ γάρ φέρω τὸ αὐστηρὸν τοῦ βλέμματος αὐτοῦ, οὐδὲ τὸν τρανὸν τὸν λόγον αὐτοῦ. ἀπλῶς τὸ παιδίον τοῦτο γηγενῆς οὐκ ἔστιν καὶ τοῦτο δύναται καὶ τὸ πῦρ δαμάσαι. τάχα τοῦτο τὸ παιδίον πρὸ τῆς κοινοποίίας ἦν. ποία γαστὴρ τοῦτο ἐγένηντος ἡ ποία μήτρα ἐξεθρεψεν, ἐγὼ ἀγνοῶ. οἵμοι, ἀδελφέ, ἐξηχεῖ με, οὐ παρακολουθῶ τῇ διανοίᾳ μου. ηπάτησα ἐμαυτὸν, ο τρισάθλιος ἐγώ· ηγουμην ἔχειν μαθητήν, καὶ εὐρέθην ἔχων διδάσκαλον (*KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453] 7:2).

“Neem hierdie kindjie weg van my, broer, want ek kan die strengheid van sy blik nie verdra nie en ook nie die helderheid van sy woord nie. Hierdie kindjie is gladnie op hierdie plek gebore nie en hy kan selfs vuur tem. Miskien was hierdie kindjie al daar voor die geskape wêreld. Wat van ’n moederskoot het aan hom geboorte gegee of watter soort moeder het [hom] gevoed. Ek weet nie! Weë my, broer, hy maak van my ’n idioot. Ek sal sy verstand nie kan volg nie. Ek het myself gekul, ék driemaal ellendige! Ek het gedink om ’n leerling te kry en ek is met ’n leermeester bevind.”

Ἐνθυμούμαι, φίλοι, τὴν αἰσχύνην μου ὅτι γέρων ὑπάρχω καὶ ὑπὸ παιδίου νενίκημαι. καὶ ἔχω ἔκκεισαι καὶ ἀποθανεῖν ἡ φυγεῖν τῆς κώμης ταύτης διὰ τὸ παιδίον τοῦτο. οὐ δύναμαι γάρ, οὐκ ἔστι ὄραθηναι εἰς ὄψιν πάντων μάλιστα τῶν ἴδοντων ὅτι ἐνικήθην ὑπὸ παιδίου πάνυ μικροῦ. τί δὲ ἔχω εἰπεῖν ἡ διηγήσασθαί τινι περὶ ὃν προέθηκεν μοι κανόνας τοῦ πρώτου στοιχείου; ἀληθῶς ἀγνοῶ, φίλοι· οὔτε γάρ ἀρχὴν οὐδὲ τέλος ἐπίσταμαι (*KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453] 7:3):

“Vriende, ek peins oor my skande, want ek is ’n ou man en is deur ’n kindjie oorwin. En ék moet uitgewerp word en doodgaan, of ek moet van hierdie dorpie vlug as gevolg van híérdisie kindjie. Ek kan nie, want dit is nie moontlik om in die sig te verskyn van veral almal wat gesien het dat ek deur ’n baie klein kindjie oorwin is nie. Wat het ek om iets oor die beginsels van die eerste letter wat aan my

veralings te let. Terwyl die ander Griekse manuskripte die lesing in *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453) ondersteun, verswyg die vertalings die opmerking dat die leermeester “nou eenmaal nie nog sy woord wil hoor nog kan verstaan nie” (my vertaling van die teks in *KindEvTom, Kodeks Atheniensis* [Gr 355]: οὐδὲ τὸν λόγον αὐτοῦ ἀκούσαι ἄπαξ ἦ νοήσαι. Die vroeë vertalings se weergawe kom min of meer (kyk Chartrand-Burke 2001, “Text and Translation”, notas 93 en 95) daarop neer dat die leermeester van opinie is dat dit nie aanvaarbaar is dat die kindjie hom op die aarde bevind nie. Hierdie “opinie” kom ooreen met die variasie ten opsigte van die daaropvolgende opmerking in *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453), “[m]iskien was hierdie kindjie al daar voor die skepping gemaak is”. In plaas van die uitdrukking κοσμοποιίας (“geskape wêreld”) lees die vertalings “die vloed van Noag”. Chartrand-Burke (2001) verwys egter nie op die belangrike verskille in die Griekse manskripte nie. *KindEvTom, Kodeks Atheniensis* (Gr 355) lees πρὸ τῆς τοῦ κόσμου ποίησίν ἐστιν γεγεννημένον. ποία γαστὴρ τοῦτον ἐγένησεν. ποία δὲ μήτρα ἐξέθρεψεν τοῦτο en *KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus* (Gr 532) bevat die lesing πρὸ τῆς κοσμοποιίας ἦν. ποία μήτηρ αὐτὸν ἐγένησεν, terwyl *KindEvTom, Kodeks Bologna* (Univ 2702) soos volg lees: τὸ παιδίον τοῦτο ἀληθῶς οὐκ ἐστι γηγενές.

Oënskynlik lyk dit asof daar geen verskil tussen *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 532) en *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453) is nie, want beide bevat die uitdrukking παιδίον τοῦτο (*KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus* (Gr 532) / τάχα τοῦτο τὸ παιδίον (*KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus* [Gr 453])) πρὸ τῆς κοσμοποιίας ἦν. Laasgenoemde kan vertaal word met “[m]iskien was hierdie kindjie al daar voor die geskape wêreld.”

Dit is egter die daaropvolgende verwysing na die “moeder” van Jesus wat duidelik op ’n verskil tussen die “gnostiese” tendens in *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 532) en die “Ebionitiese” tendens in *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453) wys. Eersgenoemde ontken die biologiese oorsprong van Jesus se geboorte deur ’n moederfiguur en laasgenoemde beklemtoon die biologiese aspek van “moederskoot” en die fisiese

voorgelê is, te vertel? Waarlik vriende, ek weet nie. Want ek verstaan nie die begin of einde [daarvan] nie.”

Τοιγαροῦν, ἀδελφὲ Ἰωσῆφ, ὑπαγε αὐτὸ μετὰ σωτηρίας εἰς τὸν οἶκόν σου. τοῦτο γὰρ τὸ παιδίον τί ποτε μέγα ἐστίν, ἡ θεός, ἡ ἄγγελος, ἡ τί εἴπω οὐκ οἶδα (*KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus* [Gr 453] 7:4):

“Daarom, broer Josef, neem hom weg met verlossing na jou huis toe, want hy is een of ander iets groots: óf ’n god óf ’n engel óf wat ek moet sê, weet ek nie.”

voeding van 'n baba deur 'n moeder. Die uitdrukking, ποία γαστὴρ τοῦτο ἐγέννησε ἦ ποία μήτρα ἐξέθρεψεν, ἐγὼ ὄγνοω (vertaal as “Wat van 'n moederskoot het aan hom geboorte gegee of watter soort moeder het [hom] gevoed. Ek weet nie!”) dui op die verbasende erkenning van die rol van Jesus se biologiese moeder.

Hierdie erkenning aan die positiewe rol van Jesus se moeder kom eksplisiet in die Lukasevangelie voor. Luk 2:51 meld dat Jesus aan sy ouers onderdanig was (ἢν ὑπτασσόμενος αὐτοῖς) en dat “sy moeder al sy woorde in haar hart bewaar het”. Verder, aan die begin van hierdie “presentasie” van die kind Jesus in die Tempel, haal Lukas (2:22) aan uit Eks 13:2 en 12 om die “aanvaarbaarheid” (oftewel “heiligeid”) van die fisiese verwekking en geboorte van 'n kind – in hierdie geval Jesus – voor God te beklemtoon: “elke man wat die moederskoot open, sal heilig voor God genoem word” (πᾶν ἀρσεν διανοίγον μήτραν ἄγιον τῷ κυρίῳ κληθήσεται). In hoofstuk 2, in bespreking van die die manuskipte- en vertalingsgeschiedenis van die *KindEvTom*, is daarop gewys dat die Griekse weergawe in *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453) meer getrou gebly het aan die Lukasevangelie as die ander Griekse manuskipte. Hierdie geval in *KindEvTom*, *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453) 7:2 bevestig weer eens hierdie opmerking.

Hoewel die weergawe in *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) bykans dieselfde lesing as dié in *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453) bevat (te wete πρὸ τῆς τοῦ κόσμου ποίησίν ἔστιν γεγεννημένον. ποία γαστὴρ τοῦτον ἐγέννησεν. ποία δὲ μήτρα ἐξέθρεψεν τοῦτον), is daar tog 'n belangrike verskil in nuanse tussen “voor die geskape wêreld” (πρὸ τῆς κοσμοποιίας) en “voordat [die] skepping van die wêreld daar was” (πρὸ τῆς τοῦ κόσμου ποίησίν ἔστιν). Laasgenoemde behoort myns insiens verstaan te word vanuit 'n “gnostiese” perspektief. In so 'n konteks word voorrang aan pre-eksistensie verleen omdat die deelhê aan die “hoogste God” die wêreld as skeppingsproduk van “laer kragte” voorafgaan (vgl Roukema 1998:137). Die lesing in *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453) bevat hierteenoor die tendens dat daar tegelykertyd aan Jesus se “goddelikheid” erkenning verleent word en aan sy deelhê aan sy biologiese familie.³⁵

35 Dit is 'n gedagte wat by Paulus (kyk Gal 4:4) voorkom, maar sonder 'n Ebionitiese tendens. By Paulus word die “moeder-wees” van Jesus nie hoog waardeer nie, deurdat hy kwalifiserend tot die “gebore uit 'n vrou” (γενόμενον ἐκ γυναικός) die woorde “gebore onder die wet” (γενόμενον ὑπὸ νόμον) toevoeg.

In *KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453) word hierdie tendens versterk deur die opmerking “[h]ierdie kindjie is gladnie [op hierdie plek] gebore nie” ($\alpha\pi\lambda\omega\varsigma \tau\circ \pi\alpha\delta\iota\circ\varsigma \tau\circ\hat{\iota}\tau\circ\gamma\eta\gamma\epsilon\nu\hbar\varsigma \text{ οὐκ } \dot{\epsilon}\sigma\tau\iota\circ\gamma$). Die uitdrukking “hierdie plek” is toegevoeg, omdat hier duidelik nie soos in *Kodeks Athenensis* (Gr 355) sprake is van vóór die skepping van die wêreld nie en ook nie soos in *Kodeks Bologna* (Univ 2702) nie waar die fisiese geboorte (dit wil sê “inkarnasie) van Jesus as sodanig bevraagteken word met die woorde “hierdie kindjie is waarlik nie gebore nie” ($\tau\circ \pi\alpha\delta\iota\circ\varsigma \tau\circ\hat{\iota}\tau\circ\alpha\lambda\eta\theta\omega\varsigma \text{ οὐκ } \dot{\epsilon}\sigma\tau\iota\circ\gamma\eta\gamma\epsilon\nu\hbar\varsigma$).

Die feit dat die verskillende Griekse manuskripte nie betekenisvolle variasies op die uitspraak van die “leermeester”, “Vriende, ek peins oor my skande, want ek is ’n ou man en is deur ’n kindjie oorwin. En ek moet uitgewerp word en doodgaan, of ek moet van hierdie dorpie vlug as gevolg van hiérdie kindjie” (*KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus* [Gr 453] 7:3), bevat nie, kan daarop dui dat sy verleenheid algemeen aanvaar is. Dieselfde kan egter nie van die positiewe tendens ten opsigte van Jesus se pa gesê word nie. Die feit dat die opmerking “ek is deur ’n kindjie oorwin” ($\kappa\grave{\imath} \dot{\iota}\pi\alpha\delta\iota\circ\varsigma \nu\epsilon\eta\iota\kappa\eta\mu\alpha\iota$) nie in die vroeë vertalings voorkom nie, is nie van betekenis nie want dit verminder geensins die leermeester se verleenheid nie.

In die Siriese weergawe word hierdie verleenheid weer versterk deur ’n toevoeging tot die leermeester se woorde, te wete “ek kan dit nie hanteer nie”. ’n Verdere variasie in die Siriese vertaling is die woorde: “Ek kan nie na die kindjie kyk nie … en ek kan nie die dinge verstaan wat hy sê nie.” In die Ethiopiese weergawe word iets soortgelyk toegevoeg: “ek het geen vrede in my gemoed nie” en in die *Evangelie van Pseudo-Matteus*: “Wat sal ek kan sê? Ek kan die woorde van hierdie kindjie nie verduur nie … ek praat die waarheid, ek lieg nie, in my oë het die gedrag van hierdie kindjie … nikks in gemeen met wat menslik is nie” (my vertaling van Engelse vertalings in Chartrand-Burke, “Text and Translation”, nota 98).

Die uitdrukking “met verlossing” ($\mu\epsilon\tau\grave{\imath} \sigma\omega\tau\eta\rho\iota\alpha\varsigma$) in die leermeester se woorde in *KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453) 7:4 het sonder twyfel ’n soteriologiese strekking. Klaarblyklik het dit die konnotasie dat die uitvoer van die opdrag om die kindjie weg te vat, redding impliseer vir diegene, soos die leermeester, wat dan moontlike negatiewe optredes van die kant van die kindjie sal vryspring.

Die voorkoms van die woord “redding” ($\sigma\omega\tau\eta\rho\iota\alpha$) is verder vir die doeleindes van die tese van hierdie studie belangrik. Die erkenning dat “onkunde” oor die

goddelike aard van die kindjie – óf behorende tot die “hoogte god” óf behorende tot “laer gode” soos “engele” (Roukema 1998:137-138) – sal nouliks in ’n “gnostiese” geskrif gesê word. Die Ethiopiese vertaling (in Chartrand-Burke, “Text and Translation”, nota 105) vermy ook hierdie moontlike tendens deur te vertaal: “maar as die redder is” Die feit dat redding met die teenwoordigheid van die kindjie Jesus in sy pa se huis geassosieer word, dui eerder op ’n Ebionitiese tendens. Dit is daarom belangrik om daarop te let dat hierdie uitdrukking nie in die ander Griekse manskripte voorkom nie, maar alleen in die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453).

4.2.5

KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus (Gr 453) 8:1-2; 14:1

Die verwysing na “verlossing” in die uitspraak van die kindjie Jesus, “Want ek is van bo sodat ek diegene van onder kan red en na bo kan roep ... En onmiddellik is almal wat slagoffers van sy vervloeking was, gered”, in *KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453) 8:1-2,³⁶ asook Josef se woorde in *KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453) 14:1,³⁷ vra ons noukeurige aandag.

36 Τὸ παιδίον Ἰησοῦς ἐγέλασεν καὶ εἶπεν· νῦν καρποφορείτωσαν τὰ ἄκαρπα καὶ βλεπέτωσαν οἱ τυφλοὶ καὶ φρονέτωσαν οἱ ἀσοφοὶ τῇ καρδίᾳ ὅτι ἔγώ ἀνωθεν πάρειμι ἵνα τοὺς κάτω ρύσωμαι καὶ εἰς τὰ ἄνω καλέσω, καθὼς διεστείλατό με ὁ ἀποστείλας με πρὸς ὑμᾶς (*KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus* [Gr 453] 8:1).

“Die kindjie Jesus het gelag en gesê: Nou, laat die onvrugbare vrug dra en die blindes sien en die wat dwaas in die hart is, insig verkry. Want ek is van bo sodat ek diegene van onder kan red en na bo kan roep, soos die Een wat my na julle gestuur het, beveel het.”

Καὶ εὐθὲῶς ἐσώθησαν πάντες ὑπὸ τὰς κατάρας αὐτοῦ πεπτωκότες καὶ οὐδεὶς ἐτόλμα παροργίσαι αὐτὸν ἀπὸ τότε (*KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus* [Gr 453] 8:2).

“En onmiddellik is almal wat slagoffers van sy vervloeking was, gered en niemand het gewaag om hom van toe af kwaad te maak nie.”

³⁷ Καὶ μεθ’ ἡμέρας τινὰς πάλιν ἔτερος καθηγητής εἶπεν τῷ πατρὶ αὐτοῦ Ἰωσῆφ· δεῦρο, ἀδελφέ, δός μοι αὐτὸν εἰς τὸ παιδευτήριον ἵνα μετὰ κολακείας δυνήσωμαι αὐτὸ διδάξαι γράμματα. ὁ δὲ Ἰωσῆφ εἶπεν αὐτῷ· εἰ θαρρεῖς, ἀδελφέ, ἄγαγε αὐτὸ μετὰ σωτηρίας. καὶ ὁ διδάσκαλος λαβόμενος τὸ παιδίον ἐκ τῆς χειρὸς ἀπηγαγεν μετὰ φόβου καὶ ἀγῶνος πολλοῦ. τὸ δὲ παιδίον ἦδεως ἐπορεύετο (*KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453) *KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453) 14:1).

“En na sekere aantal dae het ’n ander leermeester vir sy Pa Josef gesê: “Kom, broer, gee hom vir my in my skool sodat ek met vleiery hom die alfabet kan leer.” En Josef het vir hom gesê: “As jy die moed

Die variasies in die vroeë vertalings van vers 2 vervang die konsep “redding” met gedagtes soos “lewendig word” of “herstel”. Die vermelding dat God die kindjie as “reddersfiguur” – in die konteks “van bo” na hulle “hier onder” om hulle “na bo” te roep – gestuur het, kom ook nie in die vroeë vertalings voor nie.³⁸ Die vraag is of die Griekse weergawe in die *KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453) 8:1-2, wat hier twee keer die begrip “redding” (ρύσωμαι in vs 1 en ἐσώθησαν in vs 2) bevat, “gnostiese” tendense vertoon. Die Een wat die kindjie Jesus “gestuur” het, is sonder twyfel God.

Hierdie “omskrywing” dui moontlik egter op ’n refleksie weg van die “gnostiese” idee van die “hoogste God”. Die uitdrukking “die Een wat stuur” word met behulp van die metafoor “die vrug van die lewe” met die “lewegewende God”³⁹ in verband gebring. Dit is opvallend dat die ander geval in die *KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453) waar Jesus as “verlossersfiguur” aangedui word, te wete 14:1, geen “gnostiese” motiewe aangetref word nie. Die implikasie in die uitspraak, “En Josef het vir hom gesê: ‘As jy die moed het, broer, vat hom met redding’”, is dat as Jesus weggevat kan word skool toe, dit *bevryding* vir ander tot gevolg sal hê. In die weergawe in die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453) word die begrip “met vreugde” (μετὰ πολλῆς χαρᾶς) vervang en in *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) word slegs gesê “met jou” (μετά σε). Hoewel daar in *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453) die woorde μετὰ σωτηρίας voorkom, is die tipiese “gnostiese” soteriologie afwesig.

Anders as die kindheidsvertellings van Matteus en Lukas, vertel die *KindEvTom* nie van die goddelike verwekking of geboorte van Jesus nie. Die *KindEvTom* se Jesus is dieselfde as Paulus se Jesus in dié sin dat sowel Jesus se goddelike “krag” ’n pre-eksistente oorsprong het as dat Jesus in alle opsigte menslik is.⁴⁰ Die *KindEvTom* se Jesus is egter, anders as Paulus s’n, ’n wonderdoener terwyl hy volledig mens is. Sy goddelike wysheid manifesteer spesifiek vanuit sowel sy

het, broer, vat hom met redding.” En die leermeester het die kindjie aan die hand weggelei met baie vrees en stryd. Maar die kindjie het soet saamgeloop.”

38 Die vroeë vertalings voeg wel “objekte” toe wat die geneesde blindes gesien het.

39 Die Siriese vertaling en Latynse *Vindobonenis* 563 het die metafoor “regter” en die Ethiopiese vertaling verwys na God die “geneser” van die blindheid (kyk Chartrand-Burke, “Text and Translation”, nota 106).

40 Werner Kümmel ([1969] 1972:136) druk dit soos volg uit: “Paulus ist nicht daran interessiert, das göttliche Sein und die menschliche Existenz des Jesus Christus genau zu beschreiben; er ist aber wohl daran interessiert, daß der zu Gott Gehörige, der hier nicht Sohn Gottes genannt wird, aus freien Stücken die volle Wirklichkeit des Menschseins übernahm”

ontmoetings met leermeesters en oudstes (*KindEvTom*, *Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453] 6:8-10; 8:1; 13:2; 14:2-4; 17:2-4) as sy relasie met sy biologiese familie. Die tekening van Jesus as “wonderdoener wat volledig mens” is, is een van die anti-dosetiese kenmerke van die *KindEvTom*. Dit bevestig die tese van hierdie studie, naamlik dat die *KindEvTom*, *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) binne die konteks van die Ebionitiese vroeë Christendom verklaar kan word.

Hierdie tendens bring ons uit by ’n moontlike Palestynse oorsprong van die *KindEvTom* en by die verwysings na die *KindEvTom* deur die kerkvader Epiphanius. Teenoor Sirië as ontstaansplek wen ’n Palestynse oorsprong vir die *KindEvTom* toenemend steun.⁴¹ Die rede hiervoor is hoofsaaklik die teenwoordigheid van sowel ’n aantal Judaïstiese parallelle in die *KindEvTom* as gedeelde motiewe met stories van ander geérde Israelitiese figure.⁴² Volgens Sever Voicu (1997:193) kan die *KindEvTom* aan ’n spesifieke Jesus-groep in Palestina, naamlik die Ebioniete⁴³ toegeskryf word. Voicu sien in die *KindEvTom* se talle verwysings na Josef as Jesus se vader en na Jakobus as sy (veronderstelde) ouer broer aanduidinge van Ebionitiese christologie – dit wil sê, Jesus was goddelik maar was van ’n gewone menslike oorsprong.⁴⁴

41 Ander standpunte is byvoorbeeld dié van Ludwig Conrady (1903:377-459) wat ’n Egiptiese oorsprong voorgestel het. Hy glo die kindheidsvertellings was allegorieë van die Horus-mite. Baars & Helderman (1993/94:199-202), wat die parallelle met die Horus-mite onmoontlik vind, plaas egter steeds die oorsprong van die *KindEvTom* in Egipte (vgl Baars & Helderman 1993/94:30). Ofskoon hierdie teorie later grootliks óf verwerp óf geïgnoreer is, bestaan daar volgens Chartrand-Burke (2001) wel belangrike redes waarom die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) met Egipte geassosieer kan word.

42 Die episode “Jesus Verleng ‘n Plank en Jesus Maak Jakobus Gesond” herinner aan soortgelyke vertellings van Rabbi Hanina ben Dosa (*b Ta'an* 25a; *t Ber* 3:20; *b Ber* 33a), “Jesus Dra Water in sy Lyfrok” het ’n parallel in ’n apokriewe kindheidsverhaal van Esra, en ’n uitbreiding op die Mishna se skeppingsverhaal kon Jesus en die Mossies beïnvloed het. Neusner (1964:57-59) is van mening dat die leermeester Saggeus deur Yohanan ben Zakkai geïnspireer kon gewees het. Bagatti (1976:485) sien weer ooreenkoms tussen Jesus se vervloekings en die hardvogtige dade van die Israelitiese “heiliges” (bv Elisa aan in 2 Kon 2:23-24) en God (2 Sam 6:6-8).

43 Die *Evangelie van die Nasareners* (waarna Hiëronimus in sy *Dialoog teen Pelagius* 3.2 verwys) en die *Evangelie van die Ebioniete* (waarna Epiphanius in sy *Haereses* [in *Panarion*] 30.13.7-8 [kyk Holl 1915:169-233, 238-464] verwys).

44 In haar boek, *Face to face: Portraits of the divine in early Christianity*, het Robin Margaret Jensen (2005:134-135) daarop gewys hoe, onder andere, Epiphanius (in ’n brief aan keiser Theodosius) in dispuut is met “Christelike kerkvaders” wat Jesus met lang hare in skilderye geteken het: “Epiphanius justifies his denial that Jesus was a Nazarene (with long hair) because while Jesus drank wine, Nazarenes do not ... For, how could the Savior have had long hair he asks, when his disciples all had short, cropped hair?”

Die Ebioniete, volgens Chartrand-Burke (2001), “seem an ill fit.”⁴⁵ Tog meen ek dat die Ebionitiese vroeë Christendom die mees waarskynlike konteks is waarin die boodskap van die *KindEvTom*, spesifiek die Griekse weergawe in *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453) sin maak.

4.3

Jesus en sy familie en die Ebionitiese vroeë Christendom

Die vroegste beskrywing van die “Ebioniete” as groep is dié van Irenaeus wat rapporteer dat hulle die maagdelike geboorte verwerp het (*Haer* 3.2.7). Origenes (*Celsus* 5.61; vgl ook sy *Commentarium in Evangelium Matthei* 16.12) meld twee groepe Ebioniete, maar sonder om te sê wat hulle onderskei het. Hierdie inligting is deur Eusebius (*HE* 3.27 [Lake, Loeb]) voorsien. Een groep, skryf Eusebius, voer aan dat Christus is ’n “gewone en alledaagse mens is … op ’n natuurlike wyse gebore uit Maria en haar eggenoot”, terwyl die ander “nie ontken het dat die Here uit ’n maagd en die Heilige Gees gebore is nie.” Eusebius kon egter laasgenoemde groep verwarring met diegene wat vir die *Evangelie van die Hebreërs* verantwoordelik was. Epiphanius, wat fragmente van *Evangelie van die Ebioniete* aanhaal, bied waarskynlik die beste bron van inligting oor die Ebioniete. Volgens hom beweer die Ebioniete dat Jesus nie ’n gewone mens was nie, maar sou eerder met ‘n aartsengel vergelyk kon word (*Panarion* 30.14.5) (kyk die bespreking in Klijn 1992:14-16).

Ooreenkoms tussen Ebionitiese denke en Pseudo-Klemens suggereer dat hierdie groep aktief was in die gebied oos van die Jordaan. Irenaeus, daarenteen, plaas hulle in Rome, Origenes in Egipte en Eusebius in Bar Kogba (Klijn 1992:28).

Volgens Bagatti (1976:489), na aanleiding van Epiphanius (*Pan* 30.13.7-8), het die

45 Volgens Chartrand-Burke (2001) is nóg ‘n Palestynse nóg spesifiek ‘n “Joods-Christelike” oorsprong nodig om die *KindEvTom* se verbintenis met tradisies in “formatiewe Judaïsme” te verduidelik. Al wat nodig is om die *KindEvTom* se “Joodsheid” te verklaar, is ’n omgewing waarin die ouuteur heel waarskynlik in kontak was met die post-70 nC Israelitiese verhale, waarin die uitbeelding van Jesus as ‘n “kortgebakte” Palestynse heilige, die minste rede tot aanstoot sou wees. Chartrand-Burke is van mening dat, indien die *KindEvTom* inderdaad Judees-Christelik is, dit eerder verbind kan word met die groep wat vir die *Evangelie van die Hebreërs* verantwoordelik was. Hierdie geskrif verwys na Jesus se pre-eksistensie en bevat ’n ná-opstandingsverskyning aan Jakobus, na wie Jesus as “my broer” verwys.

Ebioniete geglo dat Jesus 'n normale menslike geboorte gehad het omdat hulle "adoptioniste" was. Koester ([1980] 1982:202-2030 beskryf hierdie oortuiging soos volg: "They [the Ebionites] assumed that the spirit had come down upon Jesus and entered into him at his baptism – concept which has parallels in gnostic texts." Epiphanius (*Pan* 51.20.2-3 [in *Patrologia Graeca*], onder redaksie van J-P Migne, 41:923D-925A) se verwysing na die *KindEvTom* het direk hierop betrekking.⁴⁶

Want Johannes het nie gesê dat Christus na 'n bruilof gegaan het voor die versoeking nie, ook het Christus nie voor die versoeking enige goddelike tekens volbring of enigsins gepreek nie – behalwe miskien dít wat hy as kind in spel volbring het. Want ook hy is veronderstel om wonderwerke as kind te gedoen het, om die ander ketterye, wat aanvoer dat "die Christus", met verwysing na die duif, na hom gekom het na [sy doop in] in die Jordaan) van 'n verskoning te ontneem.

Indien Epiphanius⁴⁷ se opmerking verstaan sou word as verwysend na die *KindEvTom* as verteenwoordigend van die Ebioniete, verduidelik dit waarom iemand soos Koester 'n ooreenkoms tussen "gnostiese" groepe en die Ebioniete sien. In die *KindEvTom* dien Jesus se "wonderwerke as kind" (ὄντι καὶ παιδαρικὰ αὐτὸν ἔχειν – Epiphanius, *Pan* 51.20.3), volgens Epiphanius, om te bevestig dat hy reeds vóór sy doop "goddelik" was, en nie eers toe hy, soos onder andere die "Theodotiane"⁴⁸

⁴⁶ οὗτε γάρ πρὸ τοῦ πειρασμοῦ ἐν γάμῳ φάσκει τὸν Χριστὸν ἡκέναι· οὐ γάρ ὅλως τι τῶν θεοσημείων καὶ τοῦ κηρύγματος πρὸ τοῦ πειρασμοῦ ὁ Χριστὸς εἰργάσατο, εἰ μή τι ἀδεται περὶ αὐτοῦ ἐν παιδὶ πεποιηκέναι, ως ἐν παιγνίῳ, ως τινες φάσκουσι. καὶ ἔδει τῷ μὲν ὄντι καὶ παιδαρικὰ αὐτὸν ἔχειν, ἵνα μὴ πρόφασις γένηται ταῖς ἄλλαις αἱρέσεσι, ταῖς λεγούσαις, ὅτι ἀπὸ τοῦ ἰορδάνου ἥλθε Χριστὸς εἰς αὐτὸν, ὅπερ ἐστὶν ἡ περιστερά (Epiphanius, *Pan* 51.20.2-3).

⁴⁷ Erkenning word hiermee verleen aan Dr Joseph Verheyden [2004], Katholieke Universiteit Leuven, wat sy ongepubliseerde manuskrip "Epiphanius on the Ebionites" aan my vir die doeleindes van hierdie studie beskikbaar gestel het. Verheyden bied die volgende biografiese besonderhede van Epiphanius: "The life and career of Epiphanius of Salamis are not particularly remarkable when compared with that of some of his more prominent contemporaries. He was born sometime between 310 and 320 in the neighbourhood of Eleutheropolis in Palestine. As an adolescent he was attracted to the monastic life and for a while he lived in Egypt (*Pan*. 26.17.4-9). Upon returning to Palestine at about the age of twenty, he founded a monastery at Eleutheropolis of which he was the abbot (*Pan*. 40.1.6). In 367 he was appointed as bishop of the see of Salamis (near Famagusta in Cyprus) where he composed all of his writings. He died in 402/03 on returning home from Constantinople."

⁴⁸ Epiphanius (*Haer* 54 [in *Panarion*]), onder andere verwys na Theodosius (aanvanklik van Byzantium, maar werkzaam in Rome in die tyd van biskop Victor [189-199 nC] en opgevolg deur twee van sy studente, Asclepiodotus en 'n ander Theodosius, in die tyd van van Zerphyrinus [199-217 nC]) se

gemeen het, die “Christus” by sy doop geword het nie. Hierdie opmerking van Epiphanius bevestig aan die een kant dat die *KindEvTom* nie deur die kerkvaders as “gnosties” geïnterpreteer is nie en aan die ander kant dat dit wel as Ebionities opgeneem is.

Volgens Epiphanius (*Haer* 30.14.4 [in *Panarion*]) het die Ebioniete wel die opinie gedeel dat “Jesus waarlik mens was” (τὸν μὲν Ἰησοῦν ὅντως ἀνθρωπὸν εἶναι), maar dat Christus “hom binnegekom het … en met hom verenig het” (Χριστὸν δὲ ἐν αὐτῷ γεγενῆσθαι … συναφέντα τε αὐτῷ) (kyk Koch 1976).

Daarom aanvaar Verheyden [2004] die rekonstruksie van die teks deur K Holl (1915) op grond van wat Epiphanius in *Panarion* 28.1.5 gesê het, sodat die “adoptionisme”⁴⁹ nie in konflik is met die uitspraak dat “Christus self die produk is van ’n man se saad en van ’n vrou”: “Christ himself <is from God on high, but Jesus> is the product of a man’s seed and a woman.” Hierdie oortuiging kan as die “Christologie” van die *KindEvTom* gesien word – ’n geskrif wat die kindjie Jesus, seun van Josef en Maria, aankondig as die “Christus” (kyk weer die openingsvers as sleutel tot die verstaan van die *KindEvTom*).

Daar is veral drie ander aspekte, na aanleiding van die *Evangelie van die Ebioniete* (kyk Verheyden [2004]), wat myns insiens daarop duif dat die Ebionitiese vroeë Christendom as waarskynlike konteks van die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453]) gesien behoort te word. Dit is Jesus se gehoorsaamheid aan die wet, die beperking van die “redding” tot Israel en die noue en positiewe relasie met sy biologiese familie (kyk veral *KindEvTom*, *Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453]) 6:4).⁵⁰

“dynamistic adoptionism” (kyk Lampe 2003:344). Marksches (2003:32) bespreek Klemens van Aleksandrië se verwysing na Theodotus as “gnosties”.

⁴⁹ Burridge & Gould (2004:163) beskryf “adoptianisme” soos volg: “Second-century adoptionists were probably motivated by a desire to take seriously the Gospel witness to Jesus’ obedience to the Father, and his baptism as effecting a change in his status before God. It should be noted, however, that not all adoptionists denied that Jesus was born of a virgin – they could consistently maintain that his birth was miraculous and marked him out as a special human being, though not divine. Nor is it the case that all adoptionists were Jewish Christians who obeyed the Old Testament Law and were committed to viewing the Messiah as a human being – though some (known from the second century as Ebionites) probably did have this background.”

⁵⁰ Τὸ δὲ παιδίον Ἰησοῦς ἐμβλέψας αὐτοῖς εἶπεν τῷ καθηγητῇ τούτον τὸν λόγον· καθηγητὴς ὃν εὐφυῶς ἐξῆλθες καὶ τὸ ὄνομα ὃ ὄνομάζει ἀλλότριος τυγχάνεις. ἔξωθεν γάρ εἰμι νῦν. ἐνδοθεν δὲ ὑμίν δι’ αὐτὴν σαρκικὴν εὔγενησαν ὑπάρχων. σὺ δὲ νομικὸς ὃν, τὸν νόμον οὐκ οἶδες. πρὸς δὲ τὸν Ἰωσὴφ λέγει· ὅτε ἐγεννήσω ὃν ἔγω σοι παρειστήκειν ἵνα, πάτερ, παιδευθῆσαι παιδείαν παρῷ ἐμοῦ ἦν ἄλλος οὐκ οὖδε διδάξαι δύναται. καὶ τὸ σωτηρίον ὄνομα βαστάσεις (*KindEvTom*, *Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453] 6:4).

In die bespreking van hierdie gedeelte hierbo het ons nie net op die onwaarskynlikheid van “gnostiese” motiewe gewys nie, maar ook op die aanwesigheid van Ebionitiese tendense. Ons het vroeër daarop gewys dat Chartrand-Burke (2001, “Text and Translation”, nota 55) na hierdie uitspraak in *KindEvTom*, *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) 6:4 – wat nie in die ander Griekse manuskripte of die vertalings voorkom nie – as a “problematic sentence” verwys. In beide *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) en *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 532) staan daar: “waarlik, leermeester, alles wat my vader vir jou gesê het, is waar” ($\alpha\lambda\eta\theta\omega\varsigma \kappa\alpha\theta\gamma\eta\tau\alpha, \pi\acute{a}n\tau\alpha \ddot{\sigma}\sigma\alpha$ ε̄ιρηκέν σοι ὁ πατήρ μου ἀληθά ε̄ισιν). In die vroeër weergawes in die vertalings is dit Josef wat vir die benaming verantwoordelik is. In die Siriese en Georgiaanse weergawes word die sin anders afgesluit met: “ek is ‘n vreemdeling vir hulle”. Die Griekse manuskripte het ook ’n verskillende lesing: “ek is here van daardie mense”, terwyl *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) nog byvoeg: “maar julle is vreemdelinge, maar vir my is die gesag self gegee” ($\kappa\alpha\iota \tau\acute{o}ut\omega \mu\acute{e}n \acute{e}g\omega, \kappa\acute{u}ri\acute{o}s \epsilon\acute{i}m\i. \acute{n}μe\acute{i}s \delta\acute{e}$ ἀλλότριοί ἐστε, ὅτι ἔμοὶ μόνον ἡ ἐξουσία ἐδόθη αὐτῇ). Die tendens om die Joodse leermeester in slegte lig te stel teenoor die positiewe lig waarin Jesus se pa geteken word, is myns insiens duidelik aanwesig in die weergawe hierbo in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453). Die volgende ander voorbeeld kan as bevestiging van die tese gemeld word.

4.3.1

KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus (Gr 453) 5:1

Die ander Griekse teksgetuijies varieer in vergelyking met dié in *Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453] 5:1.⁵¹ Byvoorbeeld, die *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 532) bevat nie die frase “wyse

“En die kindjie Jesus het die leermeester direk in die gesig gekyk en hierdie woord gesê: ‘Synde ’n leermeester het jy slim uitgedraai, maar die naam waarmee hy [jou] benoem, maak van jou ’n vreemdeling. Immers, ek is van buite jou maar is binne-in jou op grond van hierdie edele liggaaam wat ek besit. En jy wat ’n kenner van die wet is, jy ken nie die wet nie.’ En vir Josef sê hy: ‘Toe u gebore is, was ek en het langs u vir u bestaan, sodat, vader, u van my onderrig sal ontvang wat niemand anders ken of sal kan leer nie. En u sal die naam “verlossing” dra.’”

⁵¹ Καὶ λέγει τῷ Ἰησοῦ ὁ Ἰωσῆφ· ἵνα τί τοιαῦτα λάλεις; καὶ πάσχουσιν αὐτοὶ καὶ μισοῦσιν ἡμᾶς. καὶ εἰπεν τὸ παιδίον τῷ Ἰωσῆφ· φρόνιμα ρήματά σου ἐγνώσθησαν· πόθεν ἦν τὰ ρήματά σου οὐκ ἀγνοεῖς· ἐπὶ πέντε διηγήθησαν. κάκείνα οὐκ ἀναστήσοντες καὶ οὗτοι ἀπολήψονται

woorde is bekend aan jou” nie. Hulle wat “hulle straf sal dra” ($\epsilon\kappa\epsilon\hat{\iota}\nu\omega\delta\epsilon\hat{\iota}\xi\sigma\omega\tau\mu\omega\rho\alpha\nu$), word wel gestel teenoor Josef wat met die volgende woorde nie te “hard” geoordeel word nie: “hierdie wyse woorde kom nie van my nie, maar van u” ($\phi\rho\acute{o}n\imath\mu\alpha\acute{r}\mu\alpha\tau\acute{a}\o\acute{u}k\acute{e}\sigma\tau\imath\nu\acute{e}m\acute{a},\acute{a}\lambda\lambda\acute{a}\sigma\acute{a}\acute{e}\i\sigma\imath\nu$). Jesus voeg dan toe: “nogtans sal ek swyg ter wille van u” ($\acute{o}m\omega\acute{s}\acute{e}\chi\omega\sigma\i\omega\pi\acute{\rho}\sigma\acute{a}\delta\i\acute{\i}\sigma\acute{e}$). Ek verstaan egter die bedoeling van die weergawe in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) nie as “verwarrend” soos Chartrand-Burke (2001) oordeel nie. Inteendeel, Jesus maak ’n positiewe uitspraak oor Josef deur te wys op sy insig dat die omstanders bewus was van sy kind-wees toe hierdie strafwonderwerk plaasgevind het. Hierteenoor bevat *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) die verwysing dat Josef “baie kwaad was” ($\acute{e}\gamma\o\gamma\gamma\acute{u}\sigma\omega\acute{e}\pi\acute{a}\pi\lambda\acute{e}\i\omega\acute{v}\omega\acute{v}$).⁵² Hierdie tendens bevestig die positiewe rol wat die omstanders as “Israeliete” in die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) vervul.

4.3.2

KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus (Gr 453) 6:2-3

Een van die voorbeelde in die *KindEvTom* waar die positiewe relasie in die biologiese familie uitgedruk word, is dié in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) 6:2-3.⁵³ Ons het reeds

τὴν κόλασιν αὐτῶν. καὶ εὐθέως οἱ ἐγκαλοῦντες αὐτὸν ἐτυφλώθησαν (*KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453] 5:1).

“En Josef sê vir Jesus: ‘Waarom sê jy sulke dinge? Hulle kry sowel swaar as haat ons.’ En die kindjie het vir Josef gesê: ‘Wyse woorde is bekend aan jou. Jy is nie oningelig oor vanwaar jou woorde gekom het nie. Hulle is oor ’n vyfjarige vertel. En diegene wat nie (hierdie kindjie wat gesterf het) kan opwek nie, sal ook hulle straf ontvang.’ En onmiddellik het hulle wat hom beskuldig het, blind geword.”

⁵² *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) vermeld hierby dat “toe hulle (dit) sien, was hulle verskriklik bang en het nie geweet wat om te doen nie; hulle het oor hom gesê dat elke woorde wat hy uitgespreek het – óf dit goed was óf sleg – ’n daad en ’n wonder geword het.” Ook *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 532) meld dat hulle “gek vanweë verwarring” geword het (καὶ διηπόρουν μαινόμενοι).

⁵³ Καὶ εἰ πεν τῷ Ἰσωήφ· δεύρο, δὸς αὐτό, ἀδελφέ, ἵνα παιδευθῇ γράμματα καὶ ἵνα γνῶ πᾶσαν ἐπιστῆμην καὶ μάθῃ στέργειν ἡλικιῶτας, καὶ τιμᾶν γῆρας καὶ ἥδεσθαι πρεσβυτέρους, ἵνα καὶ εἰς τέκνα πόθον κτήσεσθαι ἔξειν ὁμοίως αὐτὰ ἀνταπαιδεύσῃ (*KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453] 6:2).

“En hy het vir Josef gesê: ‘Kom, gee hom [vir my], broer, sodat ek hom letters [die alfabet] kan leer en hy alle kennis kan hê en kan leer om die tydgenote lief te hê en bejaardes te eer en vir oudstes te respekteer. En met die doel dat hy weer hulle kan leer om ’n begeerte te te ontwikkel om op dieselfde wyse ten opsigte van kinders (te wees).’”

gesien dat Chartrand-Burke (2001, “Text and Translation”, nota 49) die opmerking, “dat hy weer hulle kan leer om ’n begeerte te ontwikkel om op dieselfde wyse ten opsigte van kinders (te wees)”,⁵⁴ as “problematic” beskryf. Dieselfde gedagte word egter, hoewel met verskillende bewoerdings, deur sowel die Siriese (*Syr [GP]*) as die Ethiopiese (*Ethp*) vertalings gesteun (kyk Chartrand-Burke 2001, “Text and Translation”, nota 49). Chartrand-Burke sien egter nie raak dat *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) nie hierdie gedagte van repek vir kind-wees as sodanig ondersteun nie. Dit wil slegs die resiproke idee uitdruk dat ouers hom weer sal liefhê soos ’n “eie kind”, dit wil sê soos hulle hulle eie kinders liefhet (ὅπως καὶ αὐτὸ τὸ ἴδιον τέκνον ἀγαπηθήσεται). Ook wat die uitspraak, “Oor hóm moet jy nie dink as iemand wat minder as ’n man is nie”, mis beide *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) en *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 532) die bedoeling van *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) se μικροῦ ἄνθρωπον. Eersgenoemde lees die “as die geringste” (μικροτέρου αὐτοῦ ὄντος μὴ νομίσης) en laasgenoemde bevat die onsinnige uitspraak “te ag as om ’n klein kruis te wees nie” (μὴ μικρὸν σταυρὸν νομίσης αὐτὸν εἶναι).

4.3.3

KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus (Gr 453) 6:8

In die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) word Jesus se biologiese pa, Josef, positief geteken teenoor die negatiewe gesindheid van die leermeesters. *KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) 6:8⁵⁵ is ’n verdere

⁵⁴ Ο δὲ Ἰωσὴφ εἶπεν τῷ καθηγητῇ· καὶ τίς δύναται τὸ παιδίον τοῦτο κρατῆσαι καὶ παιδεῦσαι; αὐτὸ μὴ μικροῦ ἄνθρωπον εἶναι νομίσης, ἀδελφέ. ὁ δὲ καθηγητὴς εἶπεν· δός μοι αὐτό, ἀδελφέ, καὶ μὴ σοι μελέτω (*KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453] 6:3).

“En Josef het vir die leermeester gesê: ‘En wie is in staat om hierdie kindjie te beheer en te leer? Oor hóm moet jy nie dink as iemand wat minder as as ’n man is nie nie, broer!’ Maar die leermeester het gesê: ‘Gee hom vir my, en laat hy nie vir jou sorge veroorsaak nie.’”

⁵⁵ Ἱνα καὶ εἰς τέκνα πόθον κτήσεσθαι ἔξειν ὁμοίως αὐτὰ ἀνταπαιδεύσῃ (*KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* [453] 3).

⁵⁵ Ως οὖν ἔδοξαν παρηγορεῖσθαι ἐπὶ τῇ παρακλήσει τοῦ παιδίου, ὁ καθηγητὴς εἶπεν τῷ πατρὶ αὐτοῦ· δεῦρο, ἄγαγε αὐτὸ εἰς τὸ παιδευτήριον κάγὼ διδάξω αὐτὸ γράμματα. ὁ δὲ Ἰωσὴφ ἐπιλαβόμενος τῆς χειρὸς αὐτοῦ ἀπήγαγεν αὐτὸν εἰς τὸ παιδευτήριον. καὶ ὁ διδάσκαλος κολακεύσας αὐτὸν ἤγαγεν αὐτὸν εἰς τὸ διδασκαλεῖον. καὶ ἔγραψεν αὐτῷ ὁ Ζακχαῖος τὸν ἀλφάβητον καὶ ἤρξατο ἐπιστοιχίζειν αὐτῷ. καὶ λέγει τῷ αὐτῷ γράμμα πλεονάκις. τὸ δὲ παιδίον οὐκ ἀπεκρίνατο αὐτῷ. πικρανθεὶς δὲ ὁ καθηγητὴς ἔκρουσεν αὐτὸ εἰς τὴν κεφαλήν. τὸ δὲ παιδίον ἤγανάκτησεν καὶ εἶπεν αὐτῷ· ἐγώ σε θέλω παιδεῦσαι μᾶλλον ἥ

voorbeeld van hierdie tendens. Die Georgiaanse vertaling vertolk Jesus se gesindheid in *KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453) 6:7, toe Jesus teenoor die skare uitgevaar het (kyk vertaling in vorige hoofstuk), deur te meld dat Jesus 'n grap met hulle gemaak het (kyk Chartrand-Burke, "Text and Translation", nota 72). Die vertalings bevat nie hierdie negatiewe gebaar van Jesus nie. Ook wat Josef se positiewe daad in *KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453) 6:8 betref, sien die Ethiopiese vertaling dit nie as 'n spontane handeling nie, maar skryf dit toe aan die oorredingswerk van die leermeester (kyk Chartrand-Burke, "Text and Translation", nota 73). So 'n interpretasie sal egter vreemd wees aan Ebionisme. Dit is ook opvallend dat die daaropvolgende positiewe uitspraak oor Josef dat hy Jesus "by sy hand gevat het [en] hom na die skool weggelei" het, gadnie in die weergawes van die vroeë vertalings voorkom nie – 'n aangelenthed wat die (Ebionitiese) positiewe gesindheid teenoor Jesus se familie in *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453) verder beleemtoon.

4.3.4

KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus (Gr 453) 6:9

παιδευθῆναι παρά σου. ἐπειδὴ οἶδα τὰ γράμματα ἃ συ διδάσκεις ἀκριβῶς πολλοὺς κρείττωτέρους σου. καὶ ταῦτα ἔμοι εἰσιν ὡσπερ χαλκὸς ἥχων ἢ κύμβαλος ἀλαλάζον· ἀτινα οὐ παρίστησι τὴν φωνὴν ἢ τὴν δόξαν οὔτε τὴν δύναμιν τῆς συνέσεως (*KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus* [Gr 453] 6:8).

"Toe dit lyk asof hulle deur die kindjie se verduideliking getroos is, het die leermeester vir sy pa gesê: 'Kom, bring hom in na my skool toe en ek hom [die] alfabet leer.' En Josef wat [hom] by sy hand gevat het, het hom na die skool weggelei. En die leermeester, wat hom mooi behandel het, het hom in die plek van onderrig ingeneem. En Saggeus het vir hom die alfabet neergeskryf en begin om vir hom die [letters se betekenis] oop te maak. En hy vir hom 'n letter oor en oor herhaal. Maar die kindjie het hom nie geantwoord nie. Die geirriteerde leermeester het hom oor die kop geslaan. En die kindjie het kwaad geword en vir hom gesê: 'Ek wil eerder [jou] onderrig gee as om van jou onderrig te ontvang. Want ek ken die letters wat jy [vir my]leer, baie meer noukeurig as jy. En vir my is hierdie dinge soos 'n slanende klok of weergalmende simbaal wat nie óf 'n geluid óf verheerliking óf die vermoë van insig verteenwoordig nie.'"'

Dieselfde tendens kom in die *KindEvTom*, *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) 6:9 voor.⁵⁶

Weer eens word die negatiewe opmerking oor Jesus teenoor die leermeester nie in die vroeë vertalings aangetref nie. Die Siriese weergawe (en dié in die *Evangelie van Pseudo-Matteus*) het “alef tot tau”.⁵⁷ Die afwesigheid van hierdie vermelding in die vroeë vertalings kan dui op ’n onsenstiwiteit vir die teenstelling tussen Jesus se opponente en Jesus se vader – ’n Ebionitiese gedagte wat sterk in die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) figureer.

4.3.5

KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus (Gr 453) 9:3

Die variasies in die verskillende manuskripte wat die lesing in *KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) 9:3⁵⁸ betref, is van besondere betekenis vir die vraag na die plek en doel van skrywe van die *KindEvangTom*, soos verteenwoordig in die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453). Hier word uitdruklik vermeld dat die mense

⁵⁶ Παυσάμενον δὲ τῆς ὄργῆς τὸ παιδίον εἶπεν ἀφῇ ἐαυτοῦ τὰ γράμματα πάντα ἀπὸ τοῦ ἄλφα ἔως τοῦ Ω μετὰ πολλῆς εξετάσεως καὶ τρανῶς. εὐβλέψας τῷ καθηγητῇ εἶπεν αὐτό· ἄλφα μὴ εἰδὼς τὸ κατὰ φύσιν, τὸ βῆτα πῶς διδάσκεις ἄλλον; ὑποκριτά, εἰ οὖδας πρώτον δίδαξόν με τὸ ἄλφα καὶ τότε σοι πιστεύσω λέγειν τὸ βῆτα. εἴτα ἥρξατο ἀποστοματίζειν τὸν διδάσκαλον περὶ τοῦ ἄστοιχείου. καὶ οὐκ ἴσχυσεν αὐτῷ εἰπεῖν (*KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453] 6:9).

“Toe die kindjie opgehou het om kwaad te wees, het hy van uit homself al die letters vanaf Alfa tot Omega met groot noukeurigheid en duidelikheid opgesê. En terwyl hy vir die leermeester Saggeus reguit in die gesig gekyk het, het hy vir hom gesê: ‘Jy, wat die Alfa nie na sy natuur ken nie, hoe kan jy ander die Beta leer? Huigelaar, as jy die eerste weet, leer [dan] die Alfa. En dan sal ek jou met betrekking tot die Beta glo.’ Daarna het hy begin om die leermeester ten opsigte van die eerste letter te ondervra, en hy was nie by magte om hom te antwoord nie.”

⁵⁷ Kyk weer die bespreking in hoofstuk 2 van hierdie studie oor argumente ten opsigte van moontlike Siriese ontentisiteit wat die “oorspronklike” teks van die *KindEvTom* betref.

⁵⁸ Ἔκείνων δὲ ἐμμαινομένων καὶ κραζόντων κατέβη Ἰησοῦς ἀπὸ τοῦ στέγου καὶ ἐστη παρὰ τὸ πτῶμα καὶ ἔκραξεν φωνῇ μεγάλῃ λέγων· Ζῆνον, Ζῆνον—τοῦτο γάρ τὸ ὄνομα αὐτοῦ—, ἀνάστα καὶ εἰπέ εἰ ἐγώ σε ατέβαλον. καὶ ἀναστὰς εἶπε· οὐχί, κυριε. καὶ ἰδόντες ἐθαύμασαν. καὶ λέγει αὐτῷ πάλιν ὁ Ἰησοῦς· καὶ κοιμοῦ. καὶ οἱ γονεῖς τοῦ παιδίου ἐδόξασαν τὸν Θεὸν καὶ προσεκύνησαν τὸ παιδίον Ἰησοῦν (*KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453] 9:3).

“En terwyl daardie mense skel en skreeu, het Jesus van die dak afgeklim en langs die lyk gaan staan en met ’n harde stem uitgeroep en gesê: “Zeno, Zeno – want dit was sy naam – staan op en sê of ek jou afgestamp het.” En nadat hy opgestaan het, het hy gesê: “Nee, Here.” En toe hulle [dit] sien, was hulle verbaas. En Jesus het weer vir hom gesê: “En slaap.” En die ouers van die kindjie het God geprys en die kindjie Jesus aanbid.”

Jesus as *god-kind* aanbid het. Volgens die Siriese vertaling en die Latynse *Vindobonenis* 563 het hierdie incident ook op 'n sabbatdag plaasgevind.

Die lesings in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 532) (ἐδόξασαν τὸν Θεὸν καὶ προσεκύνησαν τῷ Ἰησοῦ) en in *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) (ἐδόξασαν τὸν θεὸν καὶ προσεκύνησαν τὸν Ἰησοῦν) verswyg dat Jesus as *kind* deur die ouers van die dooie kindjie aanbid is. Die Latynse *Evangelie van Pseudo-Matteus* en die Siriese weergawe vermeld ook nie die kind-wees van Jesus nie. Hierdie vertalings sê eksplisiet dat Jesus op grond van “hierdie wonderwerk(e)” aanbid is ('n uitbreiding wat ook in *Kodeks Atheniensis* [Gr 355] aangetref word). *Kodeks Bologna* (Univ 2702) bevat gladnie die verwysing na die aanbidding van Jesus nie.

Die beklemtoning van Jesus as god-kind in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) plaas die “negatiewe” aspek van Jesus se wonder om die ander kindjie weer te laat doodgaan, in perspektief. Die kindjie se terugkeer na die dood op opdrag van die kindjie Jesus word net in die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) en in die Ierse gedig (*MS G 50*) aangetref.⁵⁹ Die motief in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) hou myns insiens verband met die aanbidding van Jesus as god-kind.

Die uitdrukking “daardie mense” (ἔκείνων) kan verwys na die ouers van die kindjie wat dood is.⁶⁰ Dit is egter moontlik dat die lesing ἔκείνων in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) doelbewus die neutrale verwysing steun. Indien dit die geval is, kan “diegene” wat God vereer deur die kindjie Jesus te aanbid, uitgebrei kan word na meer “Israeliete” as dat dit net betrekking het op die ouers van die dooie kindjie.

Dit is vreemd dat die ouers van die dooie kindjie (en die ander Israeliete) God vereer en Jesus as god-kind aanbid op grond van 'n “negatiewe” wonder – daarom die uitbreiding in sommige vertalings.⁶¹ In *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) berus die aanbidding van Jesus as god-kind egter op die insig dat Jesus die goddelike mag het

59 Soortgelyke verhale kom wel voor in die *Arabiese Kindheidsevangelie* en die *Armeense Kindheidsevangelie* en ander nie-Christelike literatuur (Chartrand-Burke, “Text and Translation”, nota 119).

60 Soos onder andere vermeld in die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 532): ἴδοντες δὲ οἱ γονεῖς αὐτοῦ τὸ παράδοξον θαῦμα ὃ ἐποίησεν ὁ Ἰησοῦς ἐδόξασαν τὸν θεὸν καὶ προσεκύνησαν τὸν Ἰησοῦν) (asook in die Ethiopiese vertaling en die *Evangelie van Pseudo-Matteus*), terwyl die Siriese vertaling die neutrale lesing “hulle almal” bevat).

61 Die Griekse manuskripte in *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) en *Kodeks Bologna* (Univ 2702) lees respektiewelik: “nee, Here, u het my nie neergegooi nie maar opgewek” (οὐχί, κύριε, οὐ κατέβαλας ἀλλὰ ἀνέστησας) en (“Here, u het my nie afgestamp nie, maar vir my wat dood was, lewendig gemaak” (κύριε, οὐ σύ με κατέβαλας, ἀλλὰ νεκρὸν ὄντα με ἐζώωσας).

om te seën en te vervloek. Eksegeete behoort daarom kennis te neem van die wyse waarop die *KindEvTom* die jong Jesus op maniere voorstel wat ooreenstem met dié in die Nuwe-Testamentiese evangelies (kyk, onder meer, Bovon 1980:25; Schindler 1988:439; Hock 1995:95–97).⁶²

4.3.6

KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus (Gr 453) 10:2 en 11:1-2

Waarskynlik is *KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) 10:2⁶³ en 11:1-2⁶⁴ die beste voorbeeld van die intieme relasie tussen Jesus en sy biologiese ouers. Wat Maria se gebed vir Jesus in *KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) 10:2 betref, “Here, my God, seën my kind, want sy was bang dat iemand op hom die bose oog sal gooii”, kry ons ’n soortgelyke uitspraak in Galasiërs 3:1: “wie het die bose oog op jou gegooi? (τίς ὑμᾶς ἐβάσκανεν;) (kyk Elliott 1990:262-273). In die geval van Paulus se brief aan die Galasiërs het ons met ’n konfliktuasie te doen. Hier in die *KindEvTom* word ’n intieme verhouding tussen Jesus en sy familie (in hierdie geval sy moeder) uitgedruk. Terwyl die weergawes in *Kodeks Bologna* (Univ 2702) en *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) hierdie uitspraak van Maria verswyg, bevat die weergawe in *Kodeks Atheniensis* [Gr 355] die “Lukaanse” (2:51) verwysing: “en sy het die geheimenisse wat sy hom sien doen het, in haar hart bewaar” (καὶ διετήρει ἐν αὐτῇ

62 Hock (1995:98-99) het ook ‘n vergelyking nie-Christelike literatuur getref.

⁶³ Ο δὲ Ἰησοῦς ἀπλώσας τὸ παλίον ὃν βεβλημένος, ἐγέμισεν τὸ ὕδωρ καὶ ἤνεγκεν τῇ μητρὶ αὐτοῦ. Μαρία δὲ ἰδούσα ὃ ἐποίησεν σημεῖον ὁ Ἰησοῦς κατεφίλει αὐτὸν λέγουσα· κύριε ὁ Θεός μου εὐλόγησον τὸ τέκνον μου. ἐφόβουντο γὰρ μή τις αὐτὸς βασκάνη (*KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453] 10:2).

“En nadat Jesus die bokleed wat hy om hom gehang het, oopgesprei het, het hy dit met die water gevul en na sy moeder gebring. Maria wat die teken wat gebeur het, gesien het, het hom gesoen en gesê: ‘Here, my God, seën my kind, want sy was bang dat iemand op hom die bose oog sal gooii.’”

⁶⁴ Εν δὲ τῷ καιρῷ τοῦ σπόρου σπείροντος τοῦ Ἰωσῆφ ἔσπειρεν καὶ τὸ παιδίον Ἰησοῦς ἐνα κόρον σίτου (*KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453] 11:1).

“Toe Josef op ’n [ander] keer saad gesaai het, het ook die kindjie Jesus een maat saad gesaai.”

Καὶ ἐθέρισεν ὁ πατὴρ αὐτοῦ κόρους ῥεγάλους. καὶ ἐχαρίσατο πτωχοῖς καὶ ὄρφανοῖς. ἦρεν δὲ ὁ Ἰωσῆφ ἀπὸ τοῦ σπόρου τοῦ Ἰησοῦ (*KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453] 11:2).

“En sy vader het 100 groot maat ge-oes. En hy het dit vir die armes en die vaderlose kinders gegee. En Josef het van Jesus se koring gevat.”

τὰ μυστήρια ἢ ἔβλεπεν αὐτὸν ποιοῦντα). In 'n “gnostiese” konteks sal hierdie uitspraak in die *KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus* (Gr 532) nie sin maak nie, maar wel terdeë in 'n Ebionitiese konteks.

In hoofstuk 1 van hierdie studie het ek daarop gewys dat een van die belangrikste kenmerke van “Ebionisme” die besondere beklemtoning was wat in hierdie vroeg-Christelike groepering op die verbintenis tussen Jesus en sy biologiese familie geplaas is. Hierbenewens het Jerusalem en die plek van die Tempel in die stad – soos in die Lukaanse kindsheidsevangelie⁶⁵ én in die *KindEvTom* (in aansluiting by Lukas) die geval is – 'n belangrike rol vir die “Ebioniete” gespeel. Jones (1990:287-288) praat selfs van “Jerusalem veneration”. Vroeë Christene wat “gnosties” georiënteer was, het “aardse” belang, soos die verbintenis aan die “vleeslike” biologiese familie⁶⁶ asook “Israel na die vlees” en dié se fisiese simbole (onder andere Jerusalem en die Tempel) as deel van die gevangenheid gesien van waaruit “gnosis” die mens moet bevry om met God as “geestelike”, transiente wese te herverenig.⁶⁷

Die weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 532), wat soos die ander Griekse manuskripte vermeld dat Jesus se Ma hom gesoen het, beklemtoon (benewens die koppeling met die biologiese familie) ook die kind Jesus se verbintenis met God. Hierdie koppeling word veral deur Maria se gebed geartikuleer.⁶⁸ Die ander Griekse manuskripte meld nie die gebed nie. Die vroeë vertalings verswyg ook die noue relasie tussen Jesus en sy Ma wat as gevolg van haar soen duidelik is.

⁶⁵ Nicholas Taylor (1999:714) verwys soos volg na hierdie fokus in Lukas 2:41-50: “This passage is significant in confirming the Torah-observance of Jesus’ family, and also in that Jesus identifies the Temple as his father’s house.”

⁶⁶ “Gnostici” se houding oor seksualiteit kan as deel van hierdie onderwaardering van die plek van die biologiese familie gesien word. Yamauchi (2000:416) beskryf dit soos volg: “Most Gnostics took a radically ascetic attitude toward sex and marriage, deeming the creation of woman the source of evil and the procreation of children but the multiplication of souls in bondage to the powers of darkness.”

⁶⁷ Yamauchi (2000:416) formuleer die “gnostiek” se algemene kenmerke soos volg: “Fundamental to clearly gnostic systems was a dualism that opposed the transcendent God and ignorant demiurge (often a caricature of the OT Jehovah). In some systems the creation of the world resulted from the presumption of Sophia (Wisdom). The material creation, including the body, was regarded as inherently evil. Sparks of divinity, however, had been encapsulated in the bodies of certain pneumatic or spiritual individuals, who were ignorant of their celestial origins. The transcendent God sent down a redeemer, who brought them salvation in the form of secret *gnōsis*. Gnostics hoped to escape from the prison of their bodies at death and to traverse the planetary spheres of hostile demons to be reunited with God. There was for the, of course, no reason to believe in the resurrection of the body.”

⁶⁸ “Here, my God, seen my kind,’ want sy was bang dat iemand op hom die bose oog sal goo!” (κύριε ὁ Θεός μου εὐλόγησον τὸ τέκνον μου. ἐφόβουντο γὰρ μή τις αὐτὸ βασκάνη (*KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus* [453] 10:3).

Wat *KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) 11:1 betref, dra die verskille in die verskillende weergawes nie by tot die nadere identifisering van die tyd, plek en doel van die skrywe van die *KindEvTom* nie. Die Griekse manuskripte, byvoorbeeld, vermeld dat toe Jesus sy maat saad gesaai het, hy saam met sy Pa uitgegaan het (<εξῆλθεν μετὰ τοῦ πατρὸς αὐτοῦ – *Kodeks Atheniensis* [Gr 355]. Die Siriese vertaling, weer, sê dat Jesus “gespeel” het toe sy Pa saad gesaai het. Die “hulpbehoewendes” hier dui op die “armes onder die armes”. In Grieks word die onderskeid getref tussen “materieel arm, maar versorg” (<πένης) en “arm en onversorg” (<πτωχός>) (kyk Malina 1986:148-159; 1987:354-367; Hollenbach 1987:50-63; Van Aarde 1988:829-846; Hammel 1990:169-170, 195; Stegemann & Stegemann 1995:90-92).⁶⁹

Die kombinasie van “armes en weeskinders” is in die Israelitiese tradisie die aanduiding van diegene wat “onversorg” net God as helper het. Die God van Israel is volgens die *Tanak* (Hebreeuse geskrifte) die God van regverdigheid en God se volk het die opdrag om geregtigheid in praktyk te realiseer (lees onder ander Eks 22:21-24 [die *Tora*]; Sag 7:9-10 [die *Nevi'im*] en Job 24:9 [die *Ketuvim*]. Die adres van God se geregtigheid (vgl Crossan 1998).⁷⁰

- Armes sonder familiale versorging (*πτωχός* en nie *πένης* nie);
- Vroue sonder patriarg-figure as “beskermhere” (= *patrons*) in hulle lewe (met ander woorde sekere weduwees);
- Kinders sonder patriarg-figure as “beskermhere” (= *patrons*) in hulle lewe (met ander woorde “weeskinders”: waarvan die vader dood is en daar nie ‘n “losserfiguur” was om met die weduwee te trou nie, of waarvan die vader die moeder om ‘n bepaalde rede (byvoorbeeld onwenslike swangerskap, werklike of vermeende ontrouwheid, gemengde/nie suiwer etniese herkoms) geskei het en daar nie ‘n oupa-figuur was wat die ma in die huis as dogter terug wou neem

⁶⁹ Kathleen Corley (2002:41) stel dit soos volg: “In antiquity there was a distinction between (day laborer, poor) and (poor, destitute, beggar) that remained constant from Greek through Roman times. Day laborers were those who needed to work in shops or in the fields, but still had a voice in the community. The basic concerns, and therefore the categories, of the rich gentry and the day laborers overlapped. It was the (the destitute) who remained truly on the margins of society and were often objects of pity.”

⁷⁰ Van Selms, in sy Nederlandse kommentaar oor die gebrek aan “geregtigheid” in Sodom en Gomorra (Gen 19:5) verduidelik God se geregtigheid soos volg: “Armen en vreemdelingen behoren in Israël samen met wezen en weduwen tot hen die hun maatschapplike zwakheid onder de bescherming der Godheid staan” (Van Selms 1967:250).

nie, of wat deur die ouers om ‘n bepaalde rede “weggegooi” is (byvoorbeeld as gevolg van geboortebeperking, fisiese gebrek by geboorte, onwenslike vroulike geslag, wettelose/ skandelike herkoms/verwekking – kyk Van Aarde 2004b);

- Vreemdelinge buite Israel as “familie” (d w s nie “kinders van Abraham” nie) wat in land van Israel vertoef en as ’t ware “familieloos” is.

Die vermelding dat Josef hierdie rol as “regverdige” vervul, is nie net die *KindEvTom* se konkretisering van onder ander Matteus (1:19) se verwysing dat hy “geregverdig” ($\delta\acute{\iota}\kappa\alpha\iota\omega\varsigma$) is nie, maar dat hy sowel as Jesus se Pa in die Israelitiese tradisie geanker is as dat hy doen wat Jesus volgens die evangeliese tradisie gedoen het. So ’n vermelding versterk die Ebionitiese tendens. In die Siriese en Ethiopiese vertalings word Josef hier nie vermeld nie, maar alleen dat Jesus saad bymekaar gemaak het. Die verwysing na weeskinders kom ook nie in die vroeë vertalings voor nie, terwyl die weergawe in die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) ook die “wedeweес” vermeld. Die weergawe in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 532) se vermelding van weeskinders sonder wedewees plaas die fokus meer op die kinders, terwyl die ander Griekse manuskripte meer in die wonderwerk as sodanig geïnteresseerd is. Daarom word die “wonder” aspek geïntensiever deur te sê dat Jesus “een oog” ($\kappa\alpha\grave{\iota} \circ \text{'}\eta\sigma\circ\bar{\iota}\varsigma \mu\acute{\iota}\alpha\varsigma \delta\rho\acute{\alpha}\kappa\alpha$) (*Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453]) en “een maat” ($\text{''}\varepsilon\nu\alpha \kappa\acute{\o}\kappa\kappa\text{''} \varsigma\iota\tau\text{''}\varsigma$) (*Kodeks Atheniensis* [Gr 355]) ge-oes het.

Volgens Chartrand-Burke (“Text and Translation”, nota 132) is die opmerking in die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 532) 11:2. “En Josef het van Jesus se koring gevat” “obscure”. Hierdie “interpretasieprobleem” kom nie in die variante lesings voor nie. Volgens die weergawe in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) het ons met ’n “seën van die oes” te doen ($\kappa\epsilon\kappa\rho\acute{\alpha}\tau\text{''}\kappa\epsilon \delta\grave{\iota} \circ \text{'}\text{I}\omega\sigma\grave{\iota}\phi \acute{\epsilon}\xi \alpha\acute{\u03b9}\tau\text{''}\text{o}\varsigma \varsigma\iota\tau\text{''}\varsigma \acute{\o}\lambda\acute{\iota}\gamma\text{''}\varsigma \text{''}\iota\text{''}\nu\alpha$ $\acute{\epsilon}\chi\omega\sigma\iota\varsigma \epsilon\iota\varsigma \epsilon\acute{\u03b9}\lambda\text{''}\gamma\iota\alpha\varsigma \text{''}\tau\text{''}\sigma\acute{\o}\rho\text{''}\varsigma$). In *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) word Josef se aandeel en profiel klein gemaak deur middel van die opmerking dat hy van die koring wat oorgebly het, huis toe gevat het ($\acute{\alpha}\lambda\lambda\grave{\alpha} \lambda\epsilon\iota\phi\theta\acute{\epsilon}\nu \tau\text{''} \acute{\epsilon}\lambda\alpha\beta\epsilon \tau\text{''}\acute{\u03b9}\text{''}\tau\text{''} \circ \text{'}\text{I}\omega\sigma\grave{\iota}\phi \kappa\alpha\grave{\iota} \acute{\alpha}\pi\eta\gamma\epsilon\varsigma \epsilon\iota\varsigma \tau\text{''}\acute{\u03b9}\text{''}\kappa\text{''}\varsigma$).

Vanuit ’n vroeg-Christelike Ebionitiese konteks maak die weergawe in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 532) egter sin en hoef dit nie as “obskuur” gesien te word nie. Die “gawe” aan weeskinders word gelyk gestel aan die “gawe” aan Josef. In die Israelitiese tradisie is Josef die ontvanger van God se geregtigheid.

4.3.7

KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus (Gr 453) 12:1-2

Die tendens van die intieme relasie tussen Jesus en sy ouers word in *KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453) 12:1-2 voortgesit.⁷¹ Die Siriese vertaling bevat nie die opdrag van Jesus aan sy vader in *KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus* [Gr 453] 11:1 nie. Dit het ook nie die “gehoorsame” respons van Josef nie. Die *Evangelie van Pseudo-Matteus* varieer egter nie ten opsigte van die weergawes in die Griekse manuskripte nie. Die lesings in hierdie manuskripte kom sterk met mekaar ooreen. Die opmerking in die verbale passief in *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) dat ’n ryk man “opdrag” aan Josef gegee het om vir hom ’n slaapbank te maak (ἐπετάγη αὐτοῦ γενέσθαι κράββατος), is ’n voorbeeld van die geringe variasie wat nie invloed op die

⁷¹ Ἐγένετο δὲ ὡς ἐτῶν ὅκτω. καὶ τοῦ πατρὸς αὐτοῦ τέκτονος ὄντος καὶ εργαζομένου ὅροτρα καὶ ζυγούς, ἔλαβεν κράββατον παρά τινος πλουσίου ἵνα αὐτὸν ποιήσῃ μέγαν πάνον καὶ ἐπιτήδειον. καὶ τοῦ ἑνὸς κανόνος τοῦ καλουμένου κολοβώτερου ὄντος καὶ, μὴ ἔχοντος τὸ μέτρον, ἦν λυπούμενος ὁ Ἰωσῆφ καὶ μὴ ἔχων τί ποιῆσαι. προσέλθων τὸ παιδίον τῷ πατρὶ αὐτοῦ λέγει· θὲς κάτω τὰ δύο ξύλα καὶ ἐκ τοῦ σου μέρους ἰσοποίησον αὐτά (*KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus* [Gr 453] 12:1).

“En hy was ongveer agt jaar oud. En sy vader wat ’n houtwerker was en ploeë en jukke gemaak het, het ’n bed van ’n sekere ryk man geneem om vir hom ’n groot en gesikte slaapbank te maak. En toe die een reguit plank korter was as die so genoemde korresponderende een, omdat dit nie die (regte) lengte gehad het nie, was Josef mismoedig en het nie geweet wat om te doen nie. Nadat die kindjie na sy Pa gekom het, sê hy [vir hom]: ‘Sit die twee planke en maak dit op die middelpunt gelyk.’”

Καὶ ἐποίησεν ὁ Ἰωσῆφ καθὼς εἶπεν αὐτῷ ὁ Ἰησοῦς. ἔστη δὲ τὸ παιδίον ἐκ τοῦ ἑτέρου μέρους καὶ ἐκράτησεν τὸ κολοβὸν ξύλον, καὶ ἔξετεινεν αὐτό. καὶ ἴσον ἐποίησεν μετὰ τοῦ ἄλλου ξύλου. καὶ εἶπεν τῷ πατρὶ αὐτοῦ· μὴ λυποῦ ἀλλὰ ποίει ὁ Θέλεις. ὁ δέ Ἰωσῆφ περιλαβὼν κατεφίλει αὐτὸν λέγων· μακάριός εἰμι ἐγώ, ὅτι τοῦτον παιδίον ἔδωκέν μοι ὁ Θεός (*KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus* [Gr 453] 12:2).

“En Josef het gedoen soos Jesus vir hom gesê het. Die kindjie het by die ander punt gaan staan en die korter plank stewig vasgevat, en hy het dit gerek. En hy het [dit] gelyk met die ander plank gemaak. En hy het vir sy Pa gesê: ‘Moenieismoedig wees nie, maar doen wat u wil.’ En Josef het hom omhels en gesoen en gesê: ‘Geseënd is ek, want God het hierdie kindjie vir my gegee.’”

identifisering van die tyd, plek en skrywe van die *KindEvTom* het nie. Hierdie ooreenkoms ten opsigte van die weergawes in die Griekse manuskripte is verklaarbaar omdat beide Jesus se opdrag en Josef se gehoorsaamheid inpas in die ideologiese tendense van onder andere *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 532) én *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453).

Die feit dat *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) geen verwysing van Jesus se reaksie bevat nie en dat die Siriese vertaling en die *Evangelie van Pseudo-Matteus* Josef se “depressie” verswyg, is verdere voorbeeld van indifferente variasies. Dieselfde “indifferensie” bestaan egter nie ten opsigte van die uitspraak deur Josef (“geseënd is ek, want God het hierdie kindjie vir my gegee”) nie. Die weergawe in *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) kom wel met dié in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 532) ooreen. Tog is dit opvallend dat die vroeë vertalings geen verwysing het na Josef se soen en “saligspreking” nie en dat die lesing in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) die uitdrukking “soen” met “liefhē” (ἔφιλησε) vervang. In die “narratiewe struktuur” in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 532) dien die kombinasie van die Josef se makarisme en soen as terugskouing op iets soortgelyk wat vroeër in die “narratief” vertel is oor die reaksie van Maria (*KindEvTom* 10:2, *Kodeks Sinaïtikus* [Gr 532]): “Maria wat die teken wat gebeur het, gesien het, het hom gesoen en gesê: ‘Here, my God, seën my kind,’ want sy was bang dat iemand op hom die bose oog sal gooi.”

Twee sake staan hier uit wat op ’n Ebionitiese tendens dui.⁷² Die een is die intimiteit tussen Jesus en sy biologiese familie – insluitende vader en moeder. Die ander is dat die “seën”-uitspraak ten opsigte van Jesus in *KindEvTom* 10:2 in *KindEvTom* 13:2 op Josef van toepassing gemaak word. Dit is hierdie tendens wat verder in die weergawe in die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 532) uitgewerk word, maar nie in die weergawe in die Griekse manuskrip in *Kodeks Bologna* (Univ 2702) nie. Laasgenoemde laat die *KindEvTom* met hierdie incident (opgevolg met ‘n kort epiloog) eindig.⁷³

⁷² Kyk weer die opmerkings oor “Ebionisme” wat in hoofstuk 1 van hierdie studie en vroeër in hoofstuk 4, voetnotas 66 en 67, oor die “Gnostiek”gemaak is.

⁷³ Ἀπελθόντων δὲ ἐν τῇ πόλει διηγήσατο τῇ Μαριὰμ ὁ Ἰωσῆφ. ἐκείνη δὲ ἀκούσασά τε καὶ βλέπουσα τὰ παράδοξα μεγαλεῖα τοῦ νίου αὐτῆς ἔχαιρεν, δοξάζουσα αὐτὸν σὺν τῷ πατρὶ καὶ τῷ ἄγίῳ πνεύματι νῦν καὶ ἀεὶ καὶ εἰς τοὺς αἰώνας τῶν αἰώνων, ἀμήν (= “Nadat hulle in die dorp teruggekom het, het Josef vir Maria vertel: Hierdie vrou wat die groot teenstrydige [wonderwerke] gehoor en gesien het, was bly terwyl sy hom [die kindjie] saam met die Vader en die Heilige Gees verheerlik het – nou en vir altyd en tot in ewigheid tot ewigheid. Amen”) (*Kodeks Bologna* [Univ 2702]).

4.3.8

KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus (Gr 453) 13:1-3

Soos ook in die geval van die *KindEvTom* 6:8-9 het die Siriese vertaling ook wat *KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453) 13:1⁷⁴ betref, die lesing “alef” (kyk weer hoofstuk 2 van hierdie studie oor moontlike Siriese outentisiteit). In die weergawes in *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453) en *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) vra die leermeester vir Josef watter letters hy vir Jesus moet leer en Josef se antwoord is “eers Grieks en dan Hebreeus”. Hierdie lesings meld dat die leermeester vir Jesus bang was. Tog word daar nie in hierdie manuskripte soos in die weergawe in *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 532) uitgebrei op die resiproke “challenge and riposte”⁷⁵ tussen Jesus en die leermeester nie. In *Kodeks Atheniensis* (Gr 355), byvoorbeeld, word alleen gesê dat die leermeester “ure lank die elemente van die alfabet neergeskryf het, maar dat Jesus gladnie daarop gereageer het nie”: ὅμως γράψας τὸν ἀλφάβητον ἐπεστοιχείωσεν αὐτὸν ἐπὶ πολλὴν ὕραν. καὶ οὐκ ἀπεκρίνατο αὐτῷ ὁ Ἰησοῦς οὐδὲν λέγων.

⁷⁴ Ἱδὼν δὲ Ἰωσὴφ τὸ φρόνημα καὶ νουνεχὲς αὐτοῦ ἡβούλει μὴ εἶναι αὐτὸ ἄπορον γραμμάτων ἀλλὰ παρέδωκεν αὐτὸν ἔτερον διδάσκαλον. καὶ ὁ διδάσκαλος γράψας αὐτοῦ τὸν ἀλφάβητον ἔλεγεν· εἰ πέ, ἄλφα (*KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus* [Gr 453] 13:1).

“Toe Josef sy verstand en insig gesien het, wou hy nie hê dat hy onbekend met die alfabet moet wees nie, maar hom na ’n ander leermeester aangegee. En die leermeester wat vir hom die alfabet neergeskryf het, sê: ‘Sê alfa’”

⁷⁵ Kyk Malina ([1981] 1993: 28-55) en voetnota 9 in hoofstuk 6 van hierdie studie.

Die uitspraak in *KindEvTom*, *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 532) 13:2-3,⁷⁶ “En die kindjie het na sy huis na sy ouers gegaan”, word in die lesing in *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) verander na “Josef se huis”, terwyl dié in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) “sy huis” (ὁ δὲ Ἰησοῦς ἀπῆλθεν εἰς τὸν οἶκον αὐτοῦ) lees. Die verwysing na die “hele familie” van Jesus in die lesing in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 532) word ondersteun deur die Siriese en Ethiopiese vertalings. Die lesing in die *Evangelie van Pseudo-Matteus* beklemtoon Maria se rol deur te sê dat Jesus na sy moeder se huis toe gegaan het. Hier sien ons dat Josef insig het dat “irritasie” by Jesus die oorsaak van Jesus se “strafwonderwerke” is.

4.3.9

KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus (Gr 453) 14:2-3

In *KindEvTom*, *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) 14:2-3 skemer die Ebionitiese tendens sterk deur.⁷⁷ Die ander Griekse manuskripte versag dié negatiewe optrede van Jesus

⁷⁶ Τὸ δὲ παιδίον λέγει· σύ μοι πρῶτον εἰπὲ τί ἐστιν τὸ βῆτα κἀγώ συ ἔρω τί ἐστιν τὸ ἄλφα. πικρανθεὶς δὲ ὁ καθηγητὴς ἔκρουσεν αὐτό. καὶ κατηράσατο αὐτὸν ὁ Ἰησοῦς καὶ ἔπεσεν ὁ καθηγητὴς καὶ ἀπέθανεν (*KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453] 13:2).

“Maar die kindjie het gesê: ‘Sê jy eers vir my wat is die beta en ek sal jou vertel wat die alfa is.’ En die leermeester, wat hom vererg het, het hom [op sy kop] geslaan. En Jesus het hom vervloek en die leermeester het geval en gesterf.

Καὶ τὸ παιδίον ἀπῆλθεν εἰς τὸν οἶκον αὐτοῦ πρὸς τοὺς γονεῖς αὐτοῦ. καὶ Ἰωσὴφ καλέσας τὴν ματέρα αὐτοῦ παρήγγειλε αὐτῇ· μὴ ἀπολύσῃ αὐτὸν ἀπὸ τῆς οἰκίας ἵνα μὴ ἀποθνήσκωσιν οἱ παροργίζοντες αὐτόν (*KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453] 13:3).

“En die kindjie het na sy huis na sy ouers gegaan. En Josef, wat sy moeder geroep het, het haar beveel: ‘Moenie hom uit die huis laat gaan, sodat hulle wat hom kwaad maak, nie sterf nie.’”

⁷⁷ Καὶ εἰσελθὼν ἐν τῷ διδασκαλείῳ, εὗρεν βιβλίον ἐν τῷ ἀναλογίῳ κείμενον, καὶ λαβὼν αὐτὸν οὐκ ἀνεγίνωσκεν τὰ γεγράμμενα διὰ τὸ μὴ εἶναι αὐτὰ ἐκ νόμου Θεοῦ ἀλλὰ ἀνοίξας τὸ στόμα αὐτοῦ ἐπεφθέγξατο ρήματα φοβερὰ ὡστε τὸν καθηγητὴν ἀντικρυστὸν καθιζόμενον ἥδεως πάντα ἡκούει αὐτῷ καὶ παρεκάλει αὐτὸν ἵνα πλείονα εἴπῃ, τὸ δὲ παρεστῶτα ὅχλον ἐκπληττέσθαι ἐν τοῖς ὄστισις ρήμασιν αὐτοῦ (*KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453] 14:2).

“En nadat hy die skool binnegegaan het, het hy ’n boekrol gekry wat op die kateder gelê het. En toe hy dit geneem het, het hy nie die letters gelees nie omdat dit nie van die wet van God was nie. Maar hy het sy mond oopgemaak en verskriklike woorde uitgespreek met die gevolg dat die leermeester wat teenoor [hom] gesit het, met vreugde alles gehoor en hom aangemoedig het om meer te sê. Die skare wat teenwoordig was, was verbaas oor sy heilige woorde.”

‘Ο δὲ Ἰωσὴφ ταχέως ἔδραμεν εἰς τὸ διδασκαλεῖον ὑπονόησας μηκέτι οὕτος ὁ καθηγητὴς ἀπειρός ἐστιν καὶ πάθη. εἰπεν δὲ ὁ καθηγητὴς τῷ Ἰωσὴφ· ἵνα ἴδας, ἀδελφέ, ὅτι ἔγώ μὲν τὸ παιδίον σου παρέλαβον μαθητήν, αὐτὸ πολλῆς χάριτος καὶ σοφίας μεστόν εστιν. τοιγαροῦν,

deur “verskriklike woorde” uit te spreek. Die weergawe in *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 532) werk egter die “opposisie” (*ἀντικρυς καθιζόμενον*) tussen Jesus en die leermeester op ’n besondere wyse uit. Aan die een kant word Jesus se lojaliteit jeens die “wet van God” sterk geïmpliseer – ’n aangeleentheid wat nie deur met Chartrand-Burke (“Text and Translation”, nota 158) raakgesien word nie wanneer sy opmerk: “This explanation [διὰ τὸ μὴ εἶναι αὐτὰ ἐκ νόμου Θεοῦ], lacking in all other witnesses, implies that Jesus had the ability to read but would not read from this, presumably, non-biblical text (or, that he is making a distinction between ‘the Law’ and ‘God’s law?’).”

Die “paradoks” dat Jesus so ’n eerbied vir die “wet van God” het en tegelykertyd vreesaanjaende woorde uiter, duï daarop dat dié besondere weergawe in *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 532) die “wet van God” sonder verhindering koppel met Jesus se “negatiewe optredes”. In die vroeë vertalings val die leermeester op die grond. Die ander Griekse manuskripte vermy die opmerking dat die leermeester positief beïndruk is met Jesus se “paradoksale” eerbied vir die “wet van God” (deur dit gladnie te vermeld nie) en die uitspreek van woorde wat bang maak (*ρήματα φοβερά*). Volgens die weergawe in *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 532) word Josef se woorde aan die leermeester, *ἀδελφέ, ἄγαγε αὐτὸ μετὰ σωτηρίας*, duidelik. “Redding” lê in die insig in die god-kind Jesus se gehoorsaamheid aan die “goddelike wet”. Sowel die vroeë vertalings as die ander Griekse manuskripte het nie die verwysing *ρήματα φοβερά* nie, maar “Jesus het sy mond ge-open en deur die Heilige Gees gepraat en die wet geleer” (*ἀνοίξας τὸ στόμα αὐτοῦ ἐφθέγγετο πνεύματι ἀγίῳ, καὶ ἐδίδασκεν τὸν νόμον*).

Wat die reaksie van die skare naas dié van die leermeester betref, verdien die variasies in die ander Griekse manuskripte ons aandag. Soos in die geval van die vroeë vertalings (kyk Chartrand-Burke, “Text and Translation”, nota 163) word daar meer as in *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 532) uitgebrei. Die vraag is of die weergawe in *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) nie onverwags méér van die kind-wees van Jesus maak as die “kort” lesing in *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 532) nie: “n Groot skare wat vergader

ἀδελφέ, ἄπαγε αὐτὸν μετὰ σωτηρίας καὶ εἰς [τὸν] οἶκόν σου (KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus [Gr 453] 14:3).

“En Josef het dadelik na die skool gehardloop, menende dat hiérdie leermeester nie ervare is nie en sal ly. Maar die leermeester het vir Josef gesê: ‘Weet broer, ek het jou kindjie as leerling ontvang, [maar] hy is vol van groot genade en wysheid. En daarom, broer, neem hom met redding na jou huis toe.’”

het, was verbaas oor die volwassenheid van sy onderwysing en die vloeiendheid van sy woorde, omdat hy wat jonk is, sulke dinge sê” (*οὐχλος δὲ πολὺς συνελθόντες ἐθαύμαζον ἐν τῇ ὥραιότητι τῆς διδασκαλίας αὐτοῦ καὶ τῇ ἐτοιμασίᾳ τῶν λόγων αὐτοῦ, ὅτι νήπιον ὃν τοιαῦτα φθέγγεται*). Die verskil tussen *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) en *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 532) is dat eersgenoemde die volwasse-wees van die kind Jesus beklemtoon, terwyl laasgenoemde op die “goddelikheid” van die kindjie fokus met die woorde *τοῖς ὀσίοις ρήμασιν αὐτου*.

Die uitspraak, *ἀπάγε αὐτὸν μετὰ σωτηρίας καὶ εἰς τὸν οἶκόν σου*, in *KindEvTom*, *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 532) 14:3, korreleer met dié in *KindEvTom* 14:1, *ἄγαγε αὐτὸν μετὰ σωτηρίας*. In beide gevalle ontbreek die verwysing na “redding” in die vroeë vertalings. Ook die weergawe in die Griekse manuskrip in *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) het nie hierdie verwysing nie, terwyl dié in *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453) die woorde “met redding” (*μετὰ σωτηρίας*) vervang met “met vreugde” (*μετὰ χαρᾶς*). Net soos in die geval van *KindEvTom* 14:1 word die “soteriologiese” implikasie van die teenwoordigheid van Jesus as “god-kind” in die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 532) uitgewys: vroeër was dit vir diegene by die skool; nou is dit vir diegene by Jesus se ouerhuis. In die “narratief” oorvleuel die “ideologiese” *point of view* van “redding” en korreleer die “ruimtes” skool en huis as “belangeruimtes”.

4.3.10

KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus (Gr 453) 14:4

Die weergawes in die ander Griekse manuskripte toon ’n onsensitiwiteit vir die “postitiewe” Ebionitiese tendens *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 532) 14:4⁷⁸ en is klaarblyklik slegs in die “grootmensagtige” reaksie van die kindjie geïnteresseerd. In die

⁷⁸ ‘Ο δὲ εἰπεν τῷ καθηγητῇ· ἐπειδὴ ὄρθως ἐλάλησας καὶ ὄρθως ἐλάλησας καὶ ὄρθως ἐμαρτύρησας, διά σε καὶ ὁ πληγεὶς σωθήσεται. καὶ παραχρῆμα ἐσώθη κακένος ὁ καθηγητής. ὁ δὲ λαβόμενος τὸ παιδίον ἀπήγαγεν εἰς τὸν οἶκον αὐτοῦ (*KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus* [Gr 532] 14:4).

“En hy het vir die leermeester gesê: ‘Aangesien jy reg gepraat en reg getuig het, sal ook die ander een wat getref is, ter wille van jou gered word.’ En dadelik is ook daardie leermeester gered. En nadat hy [Josef] die kindjie geneem het, het hy [hom] na sy huis weggegneem.”

weergawe in die Griekse manuskripte in *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) en *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453) word 'n "negatiewe" reaksie van Jesus gevind (wat afwesig is in dié in *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 532): "Toe die kindjie hierdie dinge hoor, het hy dadelik vir hom *gelag*" (εὐθέως προσεγέλασεν αὐτῷ) (*Kodeks Atheniensis* [Gr 355]); "gegrysts en gesê" (μειδιάσας εἶπεν) (*Kodeks Sinaiitikus* [Gr 453]).

Dit is baie opvallend en van groot betekenis vir die tese van hierdie studie dat die ander vertalings en weergawes in die Griekse manuskripte nie die verwysing na die "redding" van die "ander leermeester" bevat nie. Die Griekse manuskripte het in plaas van die woord σωθήσεται (wat twee keer hier in *Kodeks Sinaiitikus* [Gr 532] voorkom) die woord ιάομαι.⁷⁹ Die werkwoord σώζω beteken "heling/genesing" in 'n omvattende sin (kyk Foerster 1971:990) en waar die woord in die kanonieke evangelies in verband met fisiese genesing of duiweluitdrywing (bv in Matt 9:21, 22a, 22b, 14:36) voorkom, kan dit as "gesond maak" of "heel maak" vertaal word (Wilkinson 1998:80; kyk Van Aarde 2003:453-467). Die woord ιάομαι, daarenteen, verwys alleen na die fisiese herstel en bevat nie die komponent van "goddelike versoening" (*redemption*) nie (kyk Louw & Nida 1988: 157, 269).

4.3.11

KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus (Gr 453) 15:1-2

Die verwysing na die broer van Jesus, Jakobus, in *KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453) 15:1-2⁸⁰ is uiteraard vir ons doeleindes van betekenis. In al die ander weergawes

⁷⁹ *KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus* (Gr 532) 14:44 lees onder andere καὶ παραχρῆμα ἐσώθη κακεῖνος ὁ καθηγητής terwyl *KindEvTom, Kodeks Atheniensis* (Gr 355) die lesing καὶ παραχρῆμα ιάθη ὁ ἔτερος καθηγητής bevat.

⁸⁰ 'Ο δὲ Ἰάκωβος ἀπήγαγεν εἰς τὴν ἄπην τοῦ δῆσαι φρύγανα ἵνα ἄρτοι γίνωνται. ἀπήγεν καὶ ὁ Ἰησοῦς μετ' αὐτοῦ. καὶ συλλεγόντων αὐτῶν τὰ φρύγανα ἔχιδνα παλαμιναῖα ἔδακεν τὸν Ἰάκωβον εἰς τὴν χειραν αὐτοῦ (*KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus* [Gr 453] 15:1).

"En Jakobus het in die bos ingegaan om hout te bind, sodat hulle brood kan bak. Jesus het ook met hom saamgegaan. En terwyl hulle takke bymekaar gemaak het, het 'n misbaksel van 'n adder vir Jakobus in sy hand gepik."

Κατατεινομένου δὲ αὐτοῦ καὶ ἀπολλυμένου προέδραμεν τὸ παιδίον Ἰάκωβος πρὸς τὸν Ἰησοῦν καὶ κατεφύσησεν τὸ δῆγμα καὶ παραχρῆμα ιάθη τὸ δῆγμα. καὶ τὸ θηρίον ἀπενεκρώθη καὶ Ἰάκωβος ἐστάθη (*KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus* [Gr 453] 15:2).

het Josef vir Jakobus gestuur. Die “selfstandige” optrede van Jakobus in die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 532) wil moontlik enige blaam van Josef wegneem as die “oorsaak” van Jakobus se “dood”. Hierdie “positiewe” beeld van Josef pas in by die Ebionitiese tendens in die *KindEvTom* (*Kodeks Sinaiitikus* [Gr 532]). Waar die Ethiopiese vertaling en die Latynse weergawe in die *Evangelie van Pseudo-Matteus* nie vermeld dat Jakobus vir Jesus genader het nie, het Jesus, volgens die Siriese vertaling en die weergawe in die Griekse manuskrip in *Kodeks Atheniensis* (Gr 355), na Jakobus gekom (προσῆγγησεν ὁ Ἰησοῦς). Binne Ebionitiese konteks is dit verstaanbaar dat die lesing in *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 532) Jakobus as afhanklik van Jesus sal wil teken – veral gesien die belangrike rol wat die Jerusalemse tradisie aan Jakobus toegeken het (kyk onder ander Eusebius, *HE* 4.22.4; 7.19.1 en bespreking deur Painter 1997:152-158).

4.3.12

KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus (Gr 453) 16:3

Die mees eksplisiete uitspraak dat die boodskap van die *KindEvTom* sentreer rondom Jesus wat as god-kind die redder van Israeliete is, is waarskynlik dié in *KindEvTom*, *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453) 16:3.⁸¹ Net voordat die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453) in hoofstuk 17 direk by die kindheidspassasie in Lukas 2:41-52 aansluit, eindig die verhaal in *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453) 16:3 met betekenisvolle woorde. Die Israelitiese skare gee erkenning aan Jesus as god-kind met die woorde, “hy het baie siele van die dood gered en hy het die vermoë om al die dae van sy lewe [mense] te red.” Die weergawes in *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) en *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453) verskuif die reaksie van die skare na die einde van hoofstuk 18. Hierdie twee manuskripte lees, “Waarlik God woon in hom/in hierdie kindjie” (ἀληθῶς τάχα ὁ Θεὸς ἐνοικεῖ ἐν αὐτῷ (*Kodeks Sinaiitikus*

“En, drywend met pyn en sterwend, het die kindjie Jakobus na Jesus gehardloop en hy het op die bytplek geblaas en dadelik was die byt genees. En die slang is vernietig en Jakobus het opgestaan.”
⁸¹ Ἰδόντες δὲ οἱ ὄχλοι ἐθαύμασαν καὶ εἰπαν· πολλὰς γὰρ ψυχὰς ἔσωσεν ἐκ θανάτου καὶ ἔχει σῶσαι πάσας τὰς ἡμέρας τῆς ζωῆς αὐτοῦ (*KindEvTom, Kodeks Sinaiitikus* [Gr 453] 16:3).

“Die skare wat [dit] gesien het, was verbaas en het gesê: ‘Iimmers, hy het baie siele van die dood gered en hy het die vermoë om al die dae van sy lewe [mense] te red.’”

[Gr 453]); ἀληθῶς τάχα ὁ Θεὸς οἴκει ἐν τῷ παιδίῳ τούτῳ) (*Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453). In *Kodeks Bologna* (Univ 2702) reageer die skare nie met woorde nie, maar omhels hulle vir Jesus (kyk Chartrand-Burke, “Text and Translation”, nota 185).

Die rede van hierdie redaksionele verskuiwing is waarskynlik om die negatiewe impak van Jesus as “strafwonderwerker” te versag en in ’n enkelduidige positiewe beeld te verander. Die weergawe in die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 532) het nie hierdie tendens nie. Hier word die “paradoks” van seën en vloek gehandhaaf: eersgenoemde as reaksie op insig in Jesus as god-kind en laasgenoemde as reaksie op die gebrek aan hierdie insig.

4.4

Bevinding

Om ’n verband tussen die inhoud van die *KindEvTom* en tendense in Ebionitiese evangelies raak te sien, maak nie die *KindEvTom* een van die so genoemde Ebionitiese evangelies nie. Hierdie evangelies het hulle ontstaan in die trans-Jordaan streke en het ’n sterk vebintenis met Jesus se biologiese familie. Ons het gesien dat in die geval van die *KindEvTom* hierdie positiewe relasie ’n sentrale element is (*contra* Chartrand-Burke 2001).⁸²

Die streke in die Diaspora wat sou kwalifiseer as sosiale lokaliteit van die *KindEvTom* wat ooreenkoms met die so genoemde Ebionitiese evangelies het, behoort die *KindEvTom* se duidelike raakpunte met Lukas se Westerse manuskriptradisie te verduidelik. Gegewe die tekens van ’n vroeë oorsprong van die *KindEvTom* – die afwesigheid van apostoliese ouoriteit, die gebrek aan parallelle met ander Nuwe-Testamentiese geskrifte en die *terminus ante quem* op grond van Irenaeus se kennis van die *KindEvTom* – is dit redelik om ’n plek van komposisie midde-in Lukas se gemeenskap of in ’n plek waar die Lukasevangelie hoog aangeskryf is, te vermoed.⁸³ Dit strek vanaf Rome (waar Irenaeus die Ebioniete plaas

⁸² ’n Verskeidenheid Jesus-groepe, veral in die eerste eeue, het ’n noue verbintenis met dieselfde tradisies gehad, en sommige tweede-eeuse skrywers, waaronder Justinus en Origenes, het deurlopend pogings aangewend om só ’n verbintenis te bevestig (kyk Chartrand-Burke 2001).

⁸³ Walter Schmithals (1980:9) vat die navorsing oor hierdie saak soos volg saam: “Denn die bezeichnende theologische Ansichten und Begriffe des Verfassers stammen nicht aus der Schule des

– kyk Klijn 1992:14-16), tot Egipte (waar Origenes hulle plaas), tot Palestina (waar Eusebius hulle plaas) (kyk Klijn 1992:28).

Enige bespreking van sowel die Lukasevangelie as die *KindEvTom* behoort beide hierdie verband tussen die twee geskrifte en die konvensies van kindheidsvertellings in nie-Christelike biografiese literatuur in ag te neem. Die *KindEvTom* gebruik hierdie konvensies om die optredes van die protagonis Jesus as god-kind te beskryf sodat Jesus se optredes as volwasse reddersfiguur geantisipeer kan word.

Anders as die Ebionitiese evangelies verteenwoordig die *KindEvTom* die genre van die heroïese mite. Hierdie genre-identifisering (kyk hoofstuk 5 van hierdie studie) sal in ag geneem behoort te word wanneer die Ebionitiese tendense in die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453) op 'n sosiaal-wetenskaplike wyse (kyk hoofstuk 6 van hierdie studie) verklaar word. Dit bring ons vervolgens by die ondersoek na die *KindEvTom* as mite.

Paulus Der Verfasser beide Bücher [Das Evangelium nach Lukas und die Apostelgeschichte des Lukas] bleibt uns also unbekannt, doch nennen wir ihn weiterhin Lukas. Er war zweifellos ein Heidenchrist, und er schreibt für Heidenchristen ... Was das Doppelwerk geschrieben wurde, lässt sich nicht sicher sagen. Man muß den Zeitraum von etwa 90-110 dafür offenhalten, doch dürfte es richtig sein, sich nicht zu weit von dem Jahr 100 xu entfernen. Der Ort, wo beide Bücher verfaßt wurden, ist ebenfalls unbekannt; am ehesten dürften die lukanischen Gemeinden im Nordwesten Kleinasiens gelebt haben."